Die Fees Van Die Basuine

Laat ons ons hoofde buig. Here, by een geleentheid is daar deur U geliefde dissipels gesê: "Leer ons om te bid." Want wanneer ons die groot God van die Hemel in sig kry, besef ons wel hoe onvolkome ons is. Dus leer ons om te bid, Here, in ons harte nou, vir die dinge wat—wat voordelig sal wees vir U Koninkryk en U diensknegte. U ken die behoefte van elke persoon hier.

2 En hier op die lessenaar, vanmôre, is sakdoeke en voorskote, en sommer net klein pakkies van die wat behoeftes het aan fisiese hulp, en huislike, en wat dit ook al mag wees. Maar U is God, en alleen God, die enigste ware God wat daar is. En ons vra U in die Naam van Jesus, U geliefde Seun, dat U elkeen van hulle sal genees. En daar mag sommiges hier wees wat nie 'n sakdoek hier het nie, of 'n pakkie nie, wat genesing nodig het.

3 Daar mag sommiges daarbuite tussen die nasies, oor die wêreld, wees wat selfs hierdie band in hul huise of hul kerke sal bereik. Ons wil bid, Here, dat terwyl die diens aan die gang is, by—by . . . of die band gespeel word, of watter posisie ons ook al in mag wees, of—of toestand, mag die groot God van die Hemel die opregtheid van ons harte vanmôre sal eer, en die behoeftiges sal genees, hulle sal gee waaraan hulle behoefte het.

4 Seën ons nou in die diens wat op hande is. Praat deur ons soos nooit tevore nie, ter wille van die Koninkryk van God. Ons wag, in Jesus se Naam, op U antwoord. Amen.

5 Sal julle my hiermee help? [Broer Branham skuif items van die preekstoel af—Red.]

6 Dis goed om weer vanmôre hier in die kerk te wees. En ek het so pas met 'n paar vriende gepraat wat nou net van Ohio af ingekom het, met 'n dogtertjie wat 'n paar maande gelede hierheen afgebring is, wat sterwend was met leukemie. Die mense was baie arm, die ouers. En ek het nie vanmôre die tyd om die—die getuienis wat op lêer gaan, te lees nie. Maar daar is die dogtertjie se foto na drie dae, meen ek, nadat vir haar gebid is. Die dokters het haar net drie dae gegee om te lewe, en drie dae later kon hulle nie eers 'n spoor daarvan vind nie. En so is sy in die skool, baie gelukkig. Ek is seker die kerk onthou toe ons haar hier in die vertrek gehad het.

7 En ook die babatjie wat gebore is met die ingewande soortvan aan die buitekant. Om een of ander rede kon die dokters, en hierdie klein toestand van die manier waarop die ingewande gevorm is, dit nie weer terugplaas nie. Hulle was

bang om aan die kleinding te raak, dit was net ’n pasgebore baba. En nou is die klein kêrel omtrent ’n jaar oud, skat ek, so iets, met normale ingewande, alles net so normaal soos dit kan wees. Dis net die genade van God, dis hoe goed Hy vir ons is.

8 Nou, vandag, wou wil ek aankondig dat die byeenkoms wat ons beplan het, ek beplan het om heen te gaan in die volgende komende week in—in Afrika, oorkant by Broer Joseph Boze, in Kenia en Tanganyika. Ons kan nie die byeenkoms hou nie, met ’n telegram wat van Broer Boze gekom het: “Verlede week is drie van ons sendelinge doodgemaak en vermoor.”

9 En hulle ondervind nou ’n opstand daar. En die kommuniste smokkel gewere in na die inboorlinge, en beweer hulle het vissersbote wat daar rond sit, Rusland en Rooi China; en wat gewere by die inboorlinge kry, en hulle weet nie van beter as om dit te gebruik op net enigiets wat hulle sien om dit op te gebruik nie. Dus, daar, die—die—die regering het gedink dit sal nie wys wees om die byeenkoms in hierdie tyd te hou nie. En soos ek ook verstaan, dat Broer Boze nie eers sy skool kan oophou in hierdie area waarheen ek sou gaan nie, in hierdie tyd. Maar dit is nie gekanselleer nie, dis net uitgestel totdat hulle dit weer rustig kan kry.

10 Baie bly vanmôre om weer in ons midde te sien, na baie jare se afwesigheid, Broer Jackson, Broer Sydney Jackson en Suster Jackson, van Suid—Afrika. Het hulle gepraat? [Broer Neville sê: “Ja.”—Red.] En hierdie mense was my ware broers en suster, en medewerkers in die veldtog in Suid—Afrika, die laaste reis daarheen. Wat, ons hoop om eendag deur God se genade, weer by hulle uit te kom, want die behoefte is daar.

11 En ek probeer al nege jaar om terug te gaan. Maar, vanweë die organisasies ensovoorts, wou hulle my nie laat terugkom nie. Toe het ek onlangs vir hulle ’n brief geskryf, en gesê: “Laat dan die bloed van daardie verlore siele op julle wees en nie op my nie.” Want ek glo vir ’n geruime tyd dat God my bediening daar wou gebruik vir daardie mense. En deur hulle denominasionele verskil wil hulle my nie laat terugkom nie. Maar, goed, die Here sal daarvoor sorg.

12 Nou, wat ek vanmôre wil sê, dat as die Here wil, Broer Neville het my gevra om vanaand dienste te hou, en by die Tabernakel. So ons. . .Julle word uitgenooi. En dan volgende Sondag, as die Here wil, moet ek ook hier wees; dan miskien vir die volgende twee of drie Sondae, weens die afwesigheid hiervan, synde die kansellasie van die byeenkoms wat in wording was.

13 Nou, ons wil ook sê dat ek gesê het miskien sal ons die Sewe Basuine gedurende dié tyd preek. Ons het net gewonder hoedat ons dit gaan doen met die onvoeldoerdheid van die

grootte van die gebou en die ongerieflikheid van die lugversorger, geen lug in die vertrek nie. Dis nog nie reggemaak vir lugversorging nie. En ons het hierdie skool hierbo probeer huur, wat lugversorg is, wat, sowat . . . kan huisves. O, ek weet nie; daar's 'n goeie aantal sitplekke, baie goeie skool. Maar ons kon niks kry nie.

14 En, dit wou, hulle wou vir ons volgende week gee. Maar volgende week? Sien, daar kom afvaardigings uit verskeie dele van die wêreld; van Jamaika, en van die Eilande, en van suid, selfs in Suid—Amerika, en Kanada, en Mexiko, en van oor die nasies. En ons het die kennisgewings Maandag uitgestuur, dan sal hulle dit nie voor omtrent Woensdag of Donderdag kry nie; en sou dan tyd moes afvra ensovoorts, wat dit heeltemal omver sou gooi.

15 Die volgende weke aan, tot skooltyd, is dit, jy sou dit een aand kon neem, en dan miskien nie vir 'n aand of twee, daar weer kry, dan . . . Ons sou dit net nie kon doen nie. Julle sou dit nie maak nie.

16 Ek het gewonder hoekom, as ek opreg gebid het. En dan is dit omtrent tyd vir ons om weer na Arizona terug te keer, vir die kinders om in die skool te kom. En dan ons . . . ek het met die vrou gepraat.

17 En, wel gister het ek in die kamer ingegaan, en ek het gesê: "Here, ek—ek gebruik miskien nie soveel woorde nie, maar verstaan, asseblief God, wat ek in my hart bedoel. Wat is die rede dat alles verhinder dat daardie Basuine gepreek word?" En toe het Hy gekom en dit geopenbaar. En nou vanmôre wil ek met julle praat oor die rede waarom.

18 En nou laat ons wat Bybels het en graag in—in ons Bybels wil blaai. Ons sal eers blaai na Levitikus, die 23ste hoofstuk van Levitikus.

19 As die Here wil, gaan ek vanaand preek oor die onderwerp: *Om Buitekant die Laer te Gaan*. En dit sal kort wees, en so kan julle tyd hê om na jul plekke terug te keer vir werk.

20 Ons is bly om besoekers binne te sien, mense van buite die stad. Hoeveel mense van buite die stad is hier, terwyl ons kyk? Vyf—en—negentig persent, ja, agt—en—negentig persent van die gemeente. So, julle sien dit is nie Jeffersonville nie, dis die mense wat na Jeffersonville toe kom wat maak . . . Ons is hier deur die genade van die Here.

21 En nou wil ek op drie plekke lees vanmôre. Een van hulle is te kry in Levitikus die 23ste hoofstuk, en die ander in Jesaja 18, en Jesaja 27, julle wat dit afmerk.

22 En nou in plaas van te preek . . . As die Here wil sal ek dit vanaand doen. Maar ek wil vanmôre leer oor die fees van die

sewe basuine. Wat, hierdie maand is die fees van die sewe basuine, wat begin. . . en wat die sewende maand is, wat Julie die 15de sou wees, was die begin van die fees van die basuine, in die Levitiese wette.

23 Nou, en as julle jul papier en dinge het, en Skrifte en tekste, ensovoorts wil neerskryf soos ons voortgaan.

24 Daar is een ding van hierdie byeenkoms, dis warm, en ons het deur die jare daaraan gewoond geraak. Maar iemand mag dink dat ek glo dat as ons hierdie gebou binnegaan, ons tyd dalk laat stilstaan, en deels, gedeeltelik in die Ewigheid, oor hoe lank ek die mense hou. Ek bedoel nie dat dit so moet wees nie. Maar ek glo ons lewe so na aan die Wederkoms van Jesus dat ek elke minuut wat ek die mense bymekaar het moet benut.

25 En ek het gedink, soos ek 'n rukkie gelede in die pad afgery het, uit om 'n bietjie te bid net voor ek die preekstoel betree, soos elke ware ernstige predikant maak. Ek het gedink: "Julle weet, ons het die heerlikste tyd as ons hier saam ontmoet! Maar, en die mense wat uit baie state byeenkom, wat nou reg hierbinne sit, van daar ver weg, honderde en honderde myle, en ons vergader saam in gemeenskap om die Woord. Maar daar sal spoedig 'n tyd kom wanneer dit net 'n aangename herinnering sal wees." Dit is reg.

26 Hierdie tye sal van ons weggeneem word, so dus moet ons alles doen wat ons van weet om te doen, om dit, elke minuut, te laat tel. En dink nou hieraan terwyl ons in die hitte van die oggend swaarkry. En, julle weet, elke menslike liggaam is self 'n—'n dinamo van hitte, en dit maak dit vir julle baie erg. En, maar ek wil hê julle moet die Woord kry.

Nou, net voor ons—ons lees, laat ons bid.

27 Here, byna elke persoon hierbinne wat hul hande kan beweeg, sou die bladsye van hierdie Bybel kon omblaai. Maar daar is net Een onder ons vanmôre wat Dit kan open; dit is die groot Heilige Gees wat in ons midde is. Open vir ons die Woord, Here, soos ons lees, soos U vir die dissipels gedoen het, soos hulle op hul weg na Emmaus toe was, en begin het om vir hulle die Skrifte te verduidelik. En mag ons, as ons weggaan, soos dié wat na Jerusalem teruggekom het van Emmaus af, sê: "Het ons harte nie gebrand in ons terwyl Hy onderweg met ons gepraat het nie?" Want dis in die Naam van Jesus dat ons dit vra. Amen.

Laat ons staan in eerbied teenoor die Woord.

28 Nou, my onderwerp vanmôre is: *Die Fees Van Die Basuine*. Ek wil nou lees van die 23ste vers van die 23ste hoofstuk van Levitikus:

En die HERE het met Moses gespreek en gesê: Spreek met die kinders van Israel en sê: In die

sewende maand, op die eerste van die maand, moet dit vir julle 'n rusdag wees, 'n gedenkdag deur basuingeklank, 'n heilige vierdag.

29 Nou in die Boek Jesaja, van die 1ste verse van die 18de hoofstuk af, sluit dit hierby aan.

Wee die land van vlerkgegons wat anderkant die riviere van kus lê; wat boodskappers stuur oor die groot waters en in skuite van riete *oor die waters!*

Gaan weg, vinnige boodskappers, na die hoog uitgegroeide nasie met die blink vel, uit *die wyd en syd gevreesde volk, . . . nasie gewoond om te gebied en te vertrap* het, *wie se land deur* rivier *deursny word.*

Al julle bewoners van die wêreld en bewoners van die aarde, as 'n banier opgehef word op die berg, *kyk! En as die basuine geblaas word, luister!*

30 In Jesaja 27:12 en 13.

En in die dag sal die Here vrugte afslaan, van die stroom van die Eufraat af tot by die spruite *van Egipte, en júlle sal ingesamel word, een vir een, o kinders van Israel!*

En in dié dag sal daar met 'n groot basuin geblaas word; dan sal kom die wat verlore is in die land Assur en die wat verdryf is in Egipteland, en hulle sal die HERE aanbid op die heilige berg in Jerusalem.

31 Laat ons weer bid. Here, seën hierdie Woorde aan ons harte. Mag ons gedagtes en ons oordenking volgens U wil wees. In Jesus se Naam. Amen.

Julle kan maar sit.

32 Daar is soveel dinge wat 'n pastoor graag sou wou sê vir sy gemeente wat hy liefhet, van verskillende mense van verskillende plekke, wat nie toegelaat sou word nie vanweë die tyd.

33 Nou, soos ons hierdie onderwerp benader, wil ons hê julle moet vry voel. En baie van julle staan; en soos ek aangekom het, was die portale vol, en buite die deure, en voorkant, en om die gebou, en om die mure. So, nou, as julle sitplekke met mekaar wil ruil, sal dit goed wees.

34 Nou, *Die Fees Van Die Basuine*. Nou, dit was 'n samekoms van Israel gewees, waar hulle byeengekom het, die fees van die basuine.

35 Nou, ek het vir 'n tyd lank al daarna uitgesien om—om oor die onderwerp van die Sewe Basuine in die Boek van Openbaringe te praat. En nou gaan ons dit hersien, net vir 'n oomblik, om die ware rede waarom ek nie hierdie keer praat nie, uit te bring, want die Heilige Gees wou my nie op hierdie

tyd hierdie dinge laat praat nie. Ek weet dit klink miskien baie onvolwasse vir mense met groot geleerdheid en insig, maar vir die Christen is dit anders. Ons—ons volg die leiding van die Gees, alleenlik dit.

36 Nou, ek begin op te let by die prediking van die Sewe Kerkeeue, wat die—die patroon is, of die voorspelling van alles wat God vir die kerke, en deur die kerke, sou doen, en hulle posisioneel sou plaas.

37 Die eerste drie hoofstukke van die Boek van Openbaringe openbaar alles wat met die Kerk sal gebeur. Dan, van die 3de hoofstuk tot die 19de hoofstuk van Openbaring, is daar niks meer te sien van die Kerk nie. Die Kerk gaan in die 4de hoofstuk van Openbaring op, en kom in die 19de hoofstuk van Openbaring terug, die Bruid en die Bruidegom tesame, wat na die aarde kom. En dan van die 19de hoofstuk tot die afsluiting van die 22ste hoofstuk, is dit alles oor die Millennium en wat in jare wat daarop volg sal wees. Gedurende die 4de tot die 19de handel God met Israel.

38 Nou, dan, toe ons klaar gemaak het met die boek van openbaring van die kerk, wat God aan daardie sewe kerke gedoen het, wat toe in hulle kinderskoene gestaan het, of hulle skaduwee, in Klein—Asië. Toe het die Heilige Gees vir ons al die verborgenhede Daarin geopenbaar en oopgemaak, van hoe Hy Sy Kerk deur die geskiedenis gebring het. En as julle nie *Die Sewe Kerkeeue* op band het nie, sou dit goed wees as julle na hulle geluister het. En binnekort sal hulle in boekvorm wees.

39 Toe dit net daar gelaat, en aangeneem dat ons na ’n ruk oor die Seëls sou preek, onbekend met wat die Seëls was.

40 Ek het my eie idee gehad, soos elke predikant het, miskien deur te lees wat ander mense gesê het; en te glo soveel as ek moontlik kon, met hulle, aan die dinge wat hulle opgetrek het, hulle gevolgtrekking. Ek het die boek gelees van Mnr. Smith, Uriah Smith, wat die Adventiste leeraar is, en ek het sy—sy gedagtes daaroor gelees. En ek het Mnr. Larkin gelees. Ek het, o, soveel verskillendes gelees, van hulle kommentare Hieroor. Maar op een of ander manier het ek gedink ek het self ’n—’n klein beskouïng daarvan wat op plekke mag verskil. Maar het eenkeer probeer, net oor drie onderwerpe gepraat, die eerste . . . of die vier onderwerpe van die vier perderuiters. Ek het vier aande daaroor gepreek, een oor een perd, en die ander.

41 Maar toe, net voor dit gebeur het, is ek ’n visioen gegee, wat op band is, soos julle almal weet: *Menere, Hoe Laat Is Dit*? Dat ek na Tucson, Arizona moes gaan. En daar aan die agterkant van die woestyn, bo in die berg waar ek met ’n paar broers was, en vertel het oor watter groot ontploffing sou afgaan, en ek . . . sewe Engele het afgekom. Ek het self gedink

dit is die einde van my lewe; vir my vrou gesê om met Billy te gaan, en wat om met die kinders te doen ensovoorts, tot ons weer aan die ander kant ontmoet.

42 Toe eendag in Sabino Canyon, terwyl God my daarbo vroeg in die oggend geroep het, was ek met my hande in die lug, aan die bid, en het 'n swaard in my hande gekom. Julle weet dit. Ek het daar gestaan en daarna gekyk, net natuurlik soos my hand nou is, en nie geweet wat dit beteken nie. En dit het my verlaat met 'n Stem wat sê: "Dit is die Swaard van die Koning." En toe later, toe die Engel van die Here dit geopenbaar het, was Dit die Woord in die hand.

43 Onmiddellik daarna het die Engele van die Here verskyn en van die Sewe Basuine vertel. . . of die Sewe Seëls, dat ek hier na Jeffersonville moes terugkeer en die Sewe Seëls moes preek. En, daar, as ek ooit iets gesê het wat geïnspireer is, was dit daarin. Daar het die Engel van die Here ons ontmoet en het die Bybel 'n nuwe Bybel geword. Daar het Dit oopgemaak en al die dinge wat die hervormers en dinge uitgelaat het, geopenbaar. Dit was die volledige openbaring van Jesus Christus, heeltemal nuut vir ons, maar presies akkuraat volgens die Skrifte. Dit was die Woord wat altyd was. Ek was so geïnspireer en gelei.

44 Dan, toe ek by hierdie deel hier kom, van preek oor die Sewe Basuine, het ek gedink: "Wel, ek sal niks probeer uitdink nie. Ek sal net tot daardie tyd wag en Hom dit vir my laat openbaar." En toe gister, toe ek was. . . die kamer binnegegaan het en gewonder het waarom. . . Of, verskoon my, dit was eergister. Toe ek die kamer binnegegaan het om te probeer verstaan, was dit daar dat die Heilige Gees dit oopgemaak het om my die rede te toon waarom dit nie selfs vir die Kerk op hierdie tyd voordelig is nie, want dit het niks met die Kerk te doen nie, hoegenaamd nie.

45 Nou, die verborgenhede van Christus is volledig geopenbaar in die Sewe Seëls.

46 Dit het eers die Sewe Kerkeeue geopenbaar, die eeue oopgemaak en hulle posisioneel geplaas, beide in die geskiedenis en in die Bybel, en hulle in posisie gesit, hoe hulle was. En ons het onsself in die laaste kerkeeu bevind, wat die Laodicese Kerkeeu is, wat die verderflikste van al die kerkeeue is. Selfs reg van die begin af, van Efésiërs, was 'n groot kerkeeu.

47 En dan hoe, hier, het die Heilige Gees my 'n visioen gegee, en siende wat sou plaasvind, het ek op die swartbord geteken, twee jaar gelede. Hier is dit hierbo in die tekening, van hoe dat die Lig van die aarde af verdwyn, wat presies die wyse sou wees wat die Lig op die aarde gekom het, as die Evangelie, en hoe Dit sou verskyn en verdwyn. Nie destyds geweet wat dit beteken en hoe dit sou wees nie.

48 Maar die groot ekumeniese wêreld het 'n—'n ontmoeting met Rome gehad; en Rome, wat die moeder van alle organisasies is. Die pous, het vir die eerste maal in die geskiedenis die Vatikaan verlaat, en na Jerusalem en baie plekke gegaan. Nou, Jerusalem is die antieke setel van al ons godsdiens, is Jerusalem. En in hierdie antieke setel, die pous van Rome, wat in alle tye die Kerk se grootste vyand was, vertrek om oor te kom om Rome te besoek. . . of van Rome na Palestina, Jerusalem.

49 En soos ons sien, het ek wat sonder geleerdheid is, en nie die—die woorde ken en hoe om hulle te praat nie, self altyd in tipes geleer, in patrone van die natuur. Die natuur sal die natuur volg. Die natuur is van God.

50 Wanneer jy 'n tyd neem wanneer beeste in die kamp almal in 'n hoek van die kamp saamdrom, haal jou vislyn uit die water uit; vis sal nie byt nie. Jy sal hulle nooit vang nie; sien, die beeste rus; behalwe as jy toevallig mooi binne in een se rusplek sou laat sak. Maar as beeste gaan wei, kyk maar. Op dieselfde tyd wat die beeste dit doen, sal die voëls ook bome toe gaan; hulle sal ophou kos soek. Sien, dis die natuur. Alles smelt saam. Jy sal oplet die bye zoem dan oor hulle heuning, samel dit nie in nie. Die hele natuur werk saam.

51 En daarom, soos ons sien 'n boom laat 'n blaar val, nou binnekort, in die volgende paar maande, sal die blaar die boom verlaat. En die—die lewe, die sap sal in die wortel afgaan. En die boomblaar sal afval, en op die grond val, en sal verrot. En die kalsium en—en die kalium en dis in die boomblaar, sal in die grond verrot. En wat het gebeur? Die lewe het dit vooruit gegaan, en sal dit in homself terug suig, en daardie blaar weer terugbring. Dis 'n dood, begrafnis, en opstanding.

52 En die hele natuur! En die maan is die—is die vrou van die son. Dit is die mindere lig. En dan, ook, dat wanneer die son weg is, in die afwesigheid van die son, reflekteer die maan die lig na die aarde, wat 'n tipe is van die kerk. En wanneer die pous vertrek, die ou vyand van die kerk, en oorkom na Jerusalem, wat die setel van die kerk is; wat, die nuwe Jerusalem en die ou Jerusalem; ons let op, voor dit gedoen is, was daar 'n totale verduistering van die maan.

53 En in die koerante, oor die nasie soos ons op die bord het, het dit vertoon hoe daardie maan van lig na donkerte verander het. En die blote verskynsel daarvan, dat daardie maan in die lug, presies, dieselfde ding geteken het wat die Heilige Gees my twee jaar gelede hier laat teken het, en getoon die. . . die bedek. . . Toe daar ses foto's was, het ek die sewende een daar opgesit, omdat die sewende kerkeeu, net 'n skaduwee van Lig, die gaan van die. . . Dis waar Jesus, by die deur, klop. Maar dit gaan in totale donkerte in.

54 En watter weerkaatsing, watter Boodskap van God Self dat hierdie dinge die Waarheid is! Het eers daarvan getuig in Sy Woord, toe deur die Gees op die platvorm, en het dit toe in die hemele verklaar. Daar is glad geen fout daarmee nie. Daardie Seëls en Eeue is presies in lyn, presies, God getuig deur bonatuurlike tekens en wonders, met die Woord en geskiedenis, alles saamgevoeg in die eeu waarin ons nou lewe.

55 Nou dis swaar vir die kerke om dit te sien. Dis swaar vir die denominasies om dit te sien. Hulle probeer altyd dink dat jy die mense probeer verskree. Jy is nie; jy probeer die mense waarsku. Dis nie boos teenoor hulle probeer wees nie; jy probeer hulle van die boosheid kry. Dis nie mense in die organisasies nie; dis die stelsel waarin hulle is wat hulle verdoem. Eerlike, opregte mense is Katoliek, Protestants, Joods, en wat nog. Dis menslike wesens wat—wat . . .

56 Nonne gaan nie in die klooster in om slegte vroue te wees nie; hulle gaan daarin om goeie vroue te wees. Hulle probeer nader aan God kom, maar dit is die stelsel wat hulle besmet. Mense sluit by ’n kerk aan, nie om ’n slegte mens te wees nie, maar om ’n goeie mens te wees. Maar dis die stelsel van kerk wat hulle wegtrek van die Woord en die beginsels wat God vir hierdie dag neergelê het; en dis wat hulle buite laat beland.

57 Nou onthou, God is die Woord, en elke eeu het Hy die Woord toegelaat vir elke eeu wat op die aarde sou wees. Hy het Dit in die kerkeeu toegedeel, en die Sewe Seëls het elke stukkie Daarvan geopenbaar. Sien?

58 Hoekom het daar . . . was daar verborgenhede wat nog versteek was? Openbaringe 10, vind ons, aan die einde van die sewende engel se Boodskap, dat hierdie verborgenhede wat versteek was, geopenbaar sal word, Openbaringe 10:1 tot 7. Let op, die rede is omdat daar geen profete gedurende hierdie eeu was nie. Die Bybel het gesê dat: “God doen niks tot Hy dit aan Sy profete, Sy diensknegte, die profete, geopenbaar het nie.” En die Woord van God het in alle tydperke altyd na die profete gekom, nooit na ’n stelsel nie, nooit na ’n groep nie.

59 Nooit het God ’n groep gebruik nie. Elke keer wat enige groep mense georganiseer het, het God dit verlaat en nooit teruggekeer nie. Deursoek die geskiedenis en kyk of dit reg is of nie. Ons het dit reeds gedoen. Nooit handel Hy met ’n stelsel of groep, nadat hulle organiseer het nie; dis teen God.

60 Daarom, gedurende die tyd van die hervorming, het daar hervormers ingekom, soos die Sewe Seëls bewys het dit was. Maar nou in die laaste dae, was dit veronderstel om weer geopenbaar te word. Want ons vind in die Skrif, in Maleági 4, dat daar ’n salwing sal neerkom en om weer daardie

oorspronklike Geloof terug te bring: "en om die geloof van die mense terug te bring tot die oorspronklike pinkster, die Geloof van die vaders."

61 En ons het die Elia van die eerste keer geneem; ons het die Elisa om hom te volg geneem; ons het Johannes die Doper daarna geneem, wat die Elisa van daardie dag was; en 'n belofte vir 'n ander in hierdie dag.

62 Nou, Johannes die Doper was nie die Elisa van Maleági 4 nie. Hy was die Elisa van Maleági 3. Jesus het so gesê. "Kyk Ek stuur My boodskapper voor My aangesig om die weg voor te berei." Ons vind dat hy dit is.

63 Nou, deur dit te doen, deur hierdie posisies te vind, weet ons dat die hele res van die Skrif, deur God geïnspireer, vir ons openbaar dat ons in die laaste dag is.

64 Nou, as ek met die boodskap van Pinkster sou kom, sou ek in die Laodicese Kerkeeu wees, en dit sou nie reg wees nie.

65 Dis die rede waarom Wesley nie Luther se boodskap kon dra nie. Luther was in een eeu, kerkeeu, en Wesley was in 'n ander kerkeeu. As Jesus sou gekom het in die. . . met die boodskap van Moses sou dit nie gewerk het nie. As Moses sou gekom het met die boodskap van Noag, sou dit nie gewerk het nie.

66 Maar God het aan Sy—Sy—Sy mense, van elke eeu, 'n Skrif toegedeel. En voor die tydperk tot stand kan kom, in die tyd, dan het die kerke dit so deurmekaar gemaak dat hulle—hulle nie weet waar hulle is nie.

67 Dis die rede waarom hulle gefaal het om Jesus as die Seun van God te herken. Hulle, hul tradisies het hul oë verblind, maar Hy was presies volgens die Skrif.

68 Met die profete was dit net so. Jesus het gesê: "Wie van julle, van julle vaders, het nie daardie profete wat na julle toe gestuur is, gestenig nie?" Dan stuur God Sy profeet om. . . en die profeet is die lewende Woord van God, gemanifesteer.

69 Jesus het gesê: "Hoe kan julle My veroordeel oor ek sê: 'Ek is die Seun van God,' en julle noem in julle eie wette. . . Julle het gesê, dié na wie die Woord van die Here gekom het," wat die profete was: "julle het 'hulle gode' genoem. En hulle is, want die Skrifte kan nie verbreek word nie," het Hy gesê. "Hoe sal julle My dan veroordeel?" As Hy is. . . Hulle was 'n deel van die wet, hulle was deel van die Woord van God, maar Jesus was die volheid van die Woord van God. Sy hele verlossingsplan, God se hele voldoendheid, was in Hom.

70 En nou het hulle deur die kerkeeue net so gemaak. En die Sewe Seëls moet al die verborgenhede wat gedurende daardie tyd gelaat is, openbaar, want ons is sonder profete, en die Woord kom nie na hervormers nie. Profete!

71 God is onveranderlik. In Maleági 3 word gesê: "Ek is God en Ek verander nie." God se eerste manier om iets te doen, is God se ewige manier om iets te doen. God het besluit Hy sou die mens red deur die gestorte Bloed van 'n Onskuldige, in die tuin van Eden, en Hy het dit sedertdien nooit verander nie, en kan dit nie verander nie. Ons het probeer, deur opvoeding, deur geboue, deur stelsels, deur denominasies, deur etiek en alles anders, en dit het alles gefaal. Maar daar is net een plek waar God die mens ontmoet, dis onder die gestorte Bloed van die Onskuldige. Alleen deur die Bloed! Dit was Sy eerste besluit. Sien?

72 Ons kan 'n besluit neem, en volgende jaar kan ons beter dink. Ons het volgende jaar 'n beter idee daarvan. God kan nie; Hy's oneindig. Sy eerste besluit is perfek; niks kan dit beweeg nie. Ek kan meer leer; ons is eindig. Ek kan meer leer; julle kan meer leer. Maar God kan nie meer leer nie; Hy is perfek, om mee te begin. En, daarom, Sy eerste besluit kan jy maar jou siel op berus. Wat die Bybel sê, so is dit!

73 God moet die wêreld eendag oordeel. En die Katoliek sê Hy sal dit deur die Katolieke kerk oordeel. As dit so is, watter Katolieke kerk? Hulle verskil, die een van die ander. As jy deur die Protestant gaan oordeel, watter Protestantse kerk? Hulle verskil, die een van die ander. En dit sou 'n bietjie verwarrend wees; niemand sou weet waar om te staan nie. As die Metodis reg is, is die Baptis verlore; as die Protestant reg is, is die Katoliek verlore; die Katoliek reg is, is die Protestant verlore.

74 Maar die Bybel het gesê dat Hy die wêreld volgens Jesus Christus sal oordeel, en Hy is die Woord. Derhalwe, sal Hy dit volgens die Woord oordeel.

75 En alle denominasies wyk van daardie Woord af, om hulle geloofsbelydenisse te maak. Ek vra net enigeen om vir my te bewys waar hulle die volle Woord neem. Hulle kan dit nie doen nie, want dit word beheer deur 'n stelsel van mense. Waar jy die mens het . . .

76 God het nooit gehandel anders as met een persoon op 'n keer nie. Hy het selfs nooit twee profete terselfdertyd gehad nie. Een! God kan een man in Sy hand kry. Hy handel nie met julle . . . julle organisasie nie; Hy handel met jou.

77 Nou, op daardie basis, kom ons by die fees van die basuine, die verborgenhede. Daar is geprofeteer dat dit so sou wees, daarom moes dit geopenbaar word op die wyse wat dit is. Maar om in hierdie laaste dae geopenbaar te word, om presies te vervul wat ek so pas gesê het, Maleági die 4de hoofstuk, Lukas die 17de hoofstuk en die—die 30ste vers, hoe Hy dit sou doen, en Hebreërs 13:8, Hebreërs 4:12 en baie van daardie Skrifte wat vir ons sê. Nou, as dit vreemd is vir sommige van julle, mag ek sê dat God altyd . . . Die manier waarop God onder mense geken word is deur profeties te wees.

78 Die Jode het altyd geweet om hulle profete te glo. Hy het gesê: "As daar een onder julle is, sal Ek, die Here, met hom praat in geestelike drome en visioene. En as wat hy sê gebeur, luister dan na hom." Hulle was altyd. . .

79 Dis hoe hulle nie daarin geslaag het om Jesus te herken nie, en Hom as iets anders moes klassifiseer, dus het hulle Hom 'n bose gees: "Beëlsebub," gemaak, want Hy was in staat om die gedagtes wat in hulle harte was, te onderskei. Ons weet altyd dat dit 'n teken van die Woord is.

80 Hebreërs, die 4de hoofstuk, die 12de vers sê: "Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard, en 'n onderskeier van die gedagtes en voornemens van die hart."

81 "Wanneer Hy die Heilige Gees oor julle kom, sal Hy julle herinner aan hierdie dinge wat Ek gesê het, en sal julle dinge wys wat moet kom."

82 "God het in die ou tyd, op baie maniere," Hebreërs 1: "tot die vaders deur die profete gespreek, in hierdie laaste dae deur Sy Seun, Jesus Christus." Dieselfde God, het net van die profete na die Seun verander. Dis al. Sien? Altyd dieselfde Boodskap, dieselfde manier van dit doen.

83 Nou, daar is geprofeteer dat die kerke in hierdie toestand sou wees, weer herstel moes word. En Hy het gesê, in Maleági 4, dat Hy: "Elia die profeet sou stuur, en die—die mense weer sou terugbring," met die. . .dit bring. Let op. En net voor. . . Of, net na sy Boodskap, sal daar 'n tyd wees dat die wêreld sal brand, en die regverdiges sal op die as uitstap.

84 Nou, vir een of ander teoloog wat op 'n band mag inluister, iewers om die wêreld, as jy dink dat dit Johannes was, onthou, dan is die Skrifte verkeerd, want die wêreld het nie na Johannes se boodskap gebrand nie. Jesus het nie gekom en die mense in die Millennium ingeneem nie; maar Hy het beloof om dit te doen nadat die Gees van Elia weer op die aarde gekom het.

85 Let nou op in Maleági 4, sien ons hier dat dit veronderstel is om gedoen te word om (wat?) die geloof van die mense tot die oorspronklike vaders terug te bring, die pinkster Leerstelling, die oorspronklike vaders. En hy sal die mense terugbring tot die vaders.

86 Ons vind in Lukas 17, Jesus het gesê wanneer Hy in hierdie laaste dae kom, Lukas 17:33, vind ons uit dat Jesus gesê het: "Soos dit was in die dae van Lot, so sal dit wees met die koms van die Seun van die mens, wanneer die Seun van die mens geopenbaar word."

87 Nou let op, Hy kom in drie seuns se naam. Hy kom in die naam van die Seun van Dawid. . .Of, die Seun van die mens, Seun van God, Seun van Dawid.

88 Nou, Hy moes as Seun van die mens kom, want Hy was 'n Profeet. Jehova, Self, het die profete "seun van die mens" genoem. En Jesus het nooit na Homself verwys as Seun van God nie. Hy het na Homself verwys, altyd, as Seun van die mens. En let op, Hy het dan Homself as die Profeet geopenbaar, die Siener. Het gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, glo dit dan nie." Hy het aan elke beskrywing wat van Hom in die Skrifte gespreek het, voldoen, selfs tot by sy dood, begrafnis, opstanding; Sy kruisiging, Sy geboorte, alles. En in Sy werk het Hy aan die beskrywing van die Siener, die Seun van die mens, beantwoord.

89 Nou is Hy deur die kerkeeu geopenbaar, kyk nou, deur die kerkeeu, as Seun van God. God wat 'n Gees is, die Heilige Gees, Hy het Homself in die kerkeeue geopenbaar as, in die gemeente, as die Heilige Gees onder die mense.

90 Ons vind, in die Laodicese Kerkeeu, die laaste kerkeeu, word Hy uit die kerke gesit. Nêrens anders is Hy ooit uitgesit, in enige eeu nie, behalwe die Laodicese Eeu. "Want, hulle het gesê: 'Ons is ryk en het gebrek aan niks.' En weet dit nie dat julle ellendig, arm, nakend en blind is nie, en dit nie weet nie." Hy is uit die kerkeeu gesit.

91 En dan, volgens Lukas 17, het Hy gesê: "Soos dit in die dae van Sodom was, so sal dit met die koms van die Seun van die mens wees." Nou, Hy het dieselfde Génesis gelees wat ons lees. Let op, by Sodom, wat plaasgevind het. Wat was dit in Sodom? Abraham . . .

92 Daar is altyd drie klasse mense. Daar was Abraham, die uitverkorene en uitgeroepene, buite Sodom self. Daar was Lot, die kerklidmaat, of denominasionele mens, onder; hy het deel van daardie wêreld geword deur die burgemeester van daardie stad te wees, in die poort gesit; hy was die regter, wat 'n burgemeester is. En daar was Sodom, self.

93 Nou, teen die aandtyd, of die middel van die dag, toe Abraham onder sy eikeboom was, het drie Engele aan hom verskyn. Twee van hulle het afgegaan na Sodom, en die Evangelie gepreek en probeer om hulle uit te roep. Hulle wou dit nie doen nie; hulle was pervers. Lot, en sy vrou, alleen, en twee van sy dogters, het uitgegaan. En sy vrou het in 'n soutpilaar verander.

94 Maar die Een wat gebly het en met Abraham gepraat het, wat Abraham genoem het: "Elohim, die Almagtige." Génesis 1: "God! In die begin, God," Elohim, die—die algenoegsame Een, die selfbestaande Een. Abraham het Hom: "Elohim" genoem. En Hy het gaan sit en saam met Abraham geëet; Hy het gedrink; Hy was in menslike vlees. En kyk watter teken Hy vir Abraham gegee het.

95 Nou, hulle het uitgesien na 'n komende seun, 'n beloofde seun, Isak. Vyf—en—twintig jaar, op 'n lang reis, het hulle daarna uitgesien, maar hulle was by die end van die reis. God het in baie vorms verskyn, soos Hy deur die kerkeeue gedoen het, in Ligte ensovoorts, soos Hy met Abraham gepraat het, en deur stemme. Maar net voor die komende seun aangekom het. . . Nou ons is al daardeur, en julle weet ek herhaal net om dit by julle tuis te bring. Dat, Hy die liggaam van Abraham en Sara onmiddellik daarna verander het sodat hulle die seun kon ontvang.

96 Let op, die laaste teken wat hulle ontvang het voor die seun aangekom het, was Jehova wat in die vorm van 'n mens met hulle gepraat het. En hoe hulle geweet het dit was Jehova; want Hy het gesê: "Abraham," nie Abram nie. Net 'n paar dae tevore het God sy naam verander. "Waar is jou vrou, Sara?" Nie S—a—r—a—i nie; maar *S—a—r—a*, "prinses."

En Abraham het gesê: "Sy is in die tent, agter U."

97 En Hy het gesê: "Ek," dis 'n persoonlike voornaamwoord: "Ek sal julle besoek volgens My belofte. Op die lewenstyd, die volgende agt—en—twintig dae, sal iets met Sara gebeur."

98 En Sara, het in die tent by haarself geglimlag en in haar hart gesê: "Hoe kan dit wees, ek is al oud; en wellus hê met my heer Abraham wat ook al oud is?"

99 En die Engel, of die Man, het gesê: "Hoekom het Sara dit in haar hart gesê?" In die tent agter hom! "Hoekom het sy gesê die dinge kan nie wees nie?" Sien? 'n Man in menslike vlees, soos 'n profeet, tog was Dit Elohim wat die gedagte wat in Sara se hart was, agter Hom, onderskei het.

100 En Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Lot, so sal dit wees by die koms van die einde van die wêreld, wanneer die Seun van die mens," nie Seun van God nie, "wanneer die Seun van die mens geopenbaar sal word."

101 Het dit nie deur die eeu gehad nie. Sien daardie perfekte kontinuïteit van die Skrif? Hier leef ons daarin. Die verborgenhede; selfs van die doop in die Naam van die Here Jesus, en weg van die Eenheidsidee; en hierdie ander dinge, hoe die Heilige Gees dit inbeweeg het en dit perfek getoon het; en die ware Doop van die Heilige Gees, die Teken, en alles, en dit geplaas het; en hoe Hy elke hervormer geplaas het en alles, net presies. En, kyk, reg voor ons eie oë, en dis nie in 'n hoekie nie. Dis wêreldbekend. Jesus die Seun van God wat Homself deur die Skrif openbaar, wat daardie Skrif wat vir hierdie dag voorbestem is, soos dit vir daardie dag en alle ander dae was, laat lewe. En, om Dit te glo, is die bewys van die Heilige Gees.

102 Geregtigheid, jy kan nie net verklaar dat "kerk toe gaan" die getuienis is van die Heilige Gees nie. As jy dit doen, dan het

daardie Fariseërs Dit gehad. Sien? Jy kan nie verklaar "skud en spring" is die. . . As jy dit doen het die heidene Dit. As jy sê: "praat in tale," watter—watter duiwelsaanbidding praat nie in tale nie? Noem my een.

Broer Jackson wat hier sit vir Afrika, uit Afrika, hy sou julle dit kon vertel. Ek was al hier in die Indiaanse kampe gewees, die hekse en towenaars hulself gesien sny, en hulle eie bloed sien vergiet en in tale praat; en—en die toordokter dit interpreteer, en hulle 'n potlood sien neerlê en in onbekende tale skrywe. Dit is dus nie dit nie. Maar as dit. . .

103 Wat is die ware getuienis? Jesus het gesê: "Dat julle glo dat Ek Hy is." En Hy is die Woord.

104 Hoekom het hulle Dit nie begryp nie? Hoekom het die Jode Dit nie begryp nie? Hulle was regverdige mense; hulle was goeie mense; hulle was heilige mense, en daar was alle soorte mense; maar, aan wie voorbestem is om die Woord te hoor~!

105 "En hoe weet jy of dit die Woord is? Elkeen sê dit."

106 Dis die belofte dat die Bybel in daardie tydperk bevestig word, daar het jy dit, dan kom jy terug na waar die Heilige Gees is. Let op na die geluid van die Basuin oor 'n paar minute, wat Dit verklaar. Die Basuin, die Evangeliebasuin, kyk wie Dit kan hoor. Onthou, dié in die ommuurde stede kon nie in die jubeljaar uitkom nie. Nee, meneer. Hulle was binne die mure; hulle daar gebly. Dit was verby; hulle was slawe vir die res van hulle lewe, en moes gemerk word. Nou soos ons al hierdie patrone sien, let op.

107 Nou, hierdie dade, Maleági 4, en dit alles, en Hebreërs 13:8: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag en vir altyd." Hy bly vir ewig die Woord, die Woord gemanifesteer. Dit is presies wat Hy die profete verklaar het. 'n *Profeet* beteken nie net "'n siener of voorspeller" nie; dit beteken "'n openbaarder van die Woord wat geskryf is." In sy eie leeftyd openbaar en bevestig sy eie werke die Woord van daardie dag; soos Noag wat die ark bou; Moses daaronder; wat ook meer; en enige belofte, die beloofde Woord vir daardie uur.

108 Nou ons weet Hy is met ons. Ons glo dit. Julle sien Sy Woord gemanifesteer word deur foto's, deur Skrifte, deur verklarings in die Hemel, op aarde, alles anders wat Hy gesê het. Nie een keer het dit gefaal nie. Ek vra enige persoon om vir my te wys, uit die verskillende dele van die land, of die wêreld oor, julle is—julle is dit verskuldig om aan my te skryf en my te sê waar dit eenmaal ooit gefaal het. Perfek, woord vir woord, nou, dis 'n belofte.

109 Hoekom sou Hy in hierdie laaste dae verskyn? As julle teruggaan, en julle bandluisteraars, na *Die Bruidboom*, en onthou waar Christus was, daardie Boom wat in die tuin van

Eden was. Die eerste Adam wat geval het; en hierdie Tweede Adam is deur sonde neergefel. Hulle het Hom aan 'n Romeinse boom gehang, en daaruit strek die . . . het die Bruidboom gekom wat Hy beloof het, wat ons in die Skrifte sien, nou, om die Bruid te kry.

110 Soos die piramiede, hoe dit die heeltyd na die minderheid kom van die groot wye; van Luther, Wesley, Pinkster, en dan die hoofsteen bo—op is so geslyp en elkeen van daardie stene is so perfek saamgevoeg. En ons weet nog nie hoe hulle dit gedoen het nie, maar dit is so perfek saamgevoeg in daardie piramiede! En ons onderrig nie nou oor piramiedes nie, ons is net . . .

111 Henog—hulle het dit jare gelede gebou, en dit staan as 'n simbool. Net soos die son opkom en ondergaan; net soos die boom sy—sy blaar laat val, en weer terugkom; soos 'n vis en die beeste, en alles anders dit simboliseer. Daardie piramiede staan as 'n simbool.

112 Gaan die profeet se kamer binne en kyk na daardie sewe trappies. Waar het die—waar het die wag die uitdaging ontmoet om die aankomeling in die teenwoordigheid van die koning te bring? By die bopunt van die trappies; was op die sewende trappie. Daar word getoon dat ons weer moet kom met daardie selfde Gees wat op Johannes was; hy het die Messias bekend gestel. Hy was groter as al die profete; hy het Dit bekend gestel. En ons moet weer by 'n plek kom, by iets wat die Messias sal bekend stel.

113 En hoe sal die Messias . . . die mense wat in Hom glo weet tensy hulle voortdurend in die Woord bly, om te weet wat Hy is! Daniël het gesê: "Die wyse sal weet, maar die onverstandige, die onwyse sal nie weet nie. Hulle sal hul God ken." Nou, nou, hoe Hy in die laaste dae sal verskyn, is om die mense na die Woord terug te bring, sodat die Bruid Haar Man sal ken, Haar Maat sal ken, die geopenbaarde Woord. Dis waarom dit moet gebeur.

114 Dit was nie in die hervormers nie; was nie in Luther, Wesley, en—en die Pinksters en hulle nie. Skrif sê dit was nie.

115 Maar dit sal kom. Dit is Sy belofte vir hierdie eeu. Ons lewe in die eeu waarin Sy koms sal wees. Sy moet in Hom geïdentifiseer word. Elke vrou moet met haar man geïdentifiseer word, want die twee is een. En Christus se Bruid moet met Hom geïdentifiseer word, want die twee is Een; en Hy is die Woord, nie die denominasie nie. Die Woord! Ons moet die kinders van die Lig wees, en die Lig is die Woord wat Lig gemaak is vir hierdie eeu. Hoe ken ons Lig behalwe dat dit uit die Woord kom? Goed. Die Woord wat vlees geword het is die Lig van die eeu; wanneer julle Dit sien, en die Bybel het so gesê.

116 Daardie mense wat daar na Jesus gekyk het en gesê het: "Wel, hierdie Man, Wie is Hy? Wel, Hy is gebore, 'n buite—egtelike geboorte daaronder. Wel, Sy vader en moeder is *dié, daardie*, en die *ander*, en dit alles daar." Maar hulle het Hom nie geken nie. As hulle die Skrifte geken het, sou hulle Hom geken het. Hy het so gesê.

Hulle het gesê: "Ons is Moses se dissipels!"

117 Het gesê: "As julle Moses geken het, sou julle My geken het, want Moses het van My geskryf." En nog te blind om te sien!

118 Sien hoe nederig? Weg van alle klieke, en die denominasies, en die gelowe, en alles. God het net binnegekom, in die vlees, in die vorm van 'n Mens, Verwante Verlosser.

119 Sy moet met Hom geïdentifiseer word. Ons word uitgenooi om kinders van die Lig te wees, dat ons in die Lig wandel.

120 Ek onthou hieronder in Kentucky, nie lank gelede nie het ek 'n byeenkoms gehad. Buite, na ek uit die kerk gekom het, het daar'n ou man met 'n lantern in sy hand gestaan. Hy het aan 'n kerk behoort wat nie in genesing, ensovoorts glo nie. Het gesê: "Ek—ek verskil van jou, Broer Branham."

Ek het gesê: "Wel, jy het 'n reg om dit te doen."

121 Hy het gesê: "Jy sien, ek aanvaar nie iets nie, tensy ek dit sien. Ek moet dit heeltemal duidelik sien."

122 Ek het gesê: "Het jy dan ooit God heeltemal duidelik voor jou sien staan?" Natuurlik, het hy nie in visioene en dinge geglo nie.

Hy het gesê: "Nee."

123 "Wel," het ek gesê: "dan is jy nie 'n gelowige nie, meneer. Ek kan nie met jou praat nie. Sien? Sien? Ons sien wat God beloof en hou Daarby."

124 Hy het gesê: "Hoe werk jy dit uit?" Ek het gesê. . . Hy het gesê: "Kom, gaan saam met my huistoe, dan praat ons vannag."

Ek het gesê: "Ek kan nie; sou graag wou. Waar woon jy?"

Hy het gesê: "Jy gaan hier oor hierdie berg."

125 Ek het gesê: "Hoe gaan jy daar kom? Jy sien nie jou huis nie." Uh—huh. Uh—huh. Ja. Ja.

Hy het gesê: "Wel, daar loop 'n paadjie oor die bult."

Ek het gesê: "Jy sien nie die paadjie nie." Uh—huh.

Hy het gesê: "Wel, ek het 'n lantern."

126 Ek het gesê: "Die lantern sal nie die lig reg op die huis gooi nie. O, nee. Maar daardie paadjie sal na die huis lei. Maar daardie lantern sal net lig gooi vir een tree op 'n slag."

127 Ons sal stap in die Lig, die pragtige Lig; een tree op 'n slag, Here, en nader na Hom kom. Ja. Kinders van die Lig, neem Sy Woord aan, hou aan loop, en kyk hoe meer ontvou. Moet Dit nie verlaat nie, maak nie saak wat iemand anders sê nie. Bly net Daarin, en bly net Daarmee wandel, kyk hoe Dit ontvou en Homself openbaar. Die Woord is 'n Saad; 'n saad in die regte soort grond sal sy soort voortbring.

128 Let op Openbaringe 10:1 tot 7, al die verborgenhede moet aan die Bruid openbaar word, deur die boodskapper van die Laodicese Kerk. Het iemand 'n "Revised Version Bybel? As jy het, sal jy oplet daar waar daar staan "die engel," word tussen hakies gesê? "die arend." Sien? Uh—huh. Uh—huh. Sien? Die boodskapper aan die—die Laodicese Kerk, sien, Openbaringe 10:1 tot 7.

129 En hy het gesê dat hierdie. . . in daardie dag wat hy Hom sien neerdaal het, en hy het die boekie opgeëet. En daar was. . . "Hy het een voet op land gesit, en een op die see, en gesweer by Hom wat lewe en vir ewig en ewig dat: 'Daar sal nie meer tyd wees nie.'" En toe Hy dit gedoen het, het Sewe Donderslae hulle stemme laat hoor. En toe die Sewe Donderslae hulle stemme laat hoor het, het Johannes gesê, was hy op die punt om te skrywe. En Hy het gesê: "Moet Dit nie skryf nie." Uh—huh. Sien? En hy het Dit verseël.

130 Nou, iemand het gesê: "Wel, daardie Sewe Seëls dan, Broer Branham, wat in die laaste dae openbaar sal word, een of ander groot geheim hoe ons nader aan God sal kom?" Nee, meneer, dit kan nie wees nie.

131 "Wie een Woord uit hierdie Bybel wegneem, of een woord Daarby voeg, sy deel sal weggeneem word, die Boek van die Lewe." Wat dit is, is 'n openbaring oor wat destyds oorgesien is, te bring. Dis al reeds *Hier* geskryf. Dis Hierin. Dis om te openbaar wat alreeds geskryf is. Sien? Want, jy kan nie een ding Daaraan toevoeg of een Woord Daaruit wegneem nie.

132 Die eerste hoofstuk van Open—. . . van—van die Bybel, in die begin, Génesis. Een vrou het Dit nie betwyfel nie, maar sy het net verkeerd geïnterpreteer, Satan vir haar verkeerd laat interpreteer, een woord: "sekerlik." Sien? En dan, daaruit, spruit al hierdie probleme. En dit was God wat gepraat het, God se Woord.

133 En in die laaste hoofstuk van Openbaring, het Jesus Self, dieselfde God, gesê: "Wie een Woord wegneem, of een woord Hieraan toevoeg."

134 *Hierdie* is die volledige openbaring van Jesus Christus. [Broer Branham tik op sy Bybel—Red.] En die Sewe Seëls het die verborgenhede verberg, van wat Dit alles was; en is veronderstel om Dit op die laaste dag, in die Laodicese eeu, aan die einde van tyd oop te maak. Dank aan God! Dit

beëindig die Boodskap aan die Kerk. Dit beëindig Dit. Wanneer hulle terugkyk en sien wat daar was, en sien waarheen dit alles gebring is, word Dit beëindig, die tydperk van die Kerk.

135 Nou let op die basuine waarvan ons praat is 'n saamroep vir of 'n fees, vir oorlog, vir 'n persoon, een of ander heilige dag, of so iets. Let op. Julle sê: "Vir 'n persoon?" Ja. Of vir die jubeljaar, die aankondiging van die koms van vryheid, wanneer hulle kon teruggaan; nou, ons sou 'n hele oggend aan net daardie een ding kon wei. Maar nou om by die basuine uit te kom. Julle het nou die agtergrond van die Seëls en die Kerk, en gaan ons op die basuin in. Die basuin het weerklink, en die basuin beteken of oorlog, of 'n feesdag. Of, wat dit beteken is "'n samekoms van die mense," die *basuin*.

136 Paulus het gesê: "As die basuin 'n onseker geluid maak, wie kan hom voorberei vir oorlog, of vir vrede, of wat dit ook al is?" Wie weet? Jy moet weet waarom die basuin weerklink.

137 Daarom, as die basuin weerklink sien ons vandag iets op die aarde. Daar is 'n groot probleem iewers. Almal weet dit. Almal het neuroties geword. Die hele wêreld is 'n neurotiese wêreld, en ons weet daar is iets verkeerd. Die Pentagon, oral, ons weet daar is iets verkeerd.

138 Nou, die enigste manier hoe jy weet wat die basuinklank is, is om te kyk wat die Musiekblad sê. Sien? Dis al. Dis 'n groot simfonie, sien, en slae.

139 Soos, *Pieter en die Wolf*, sien, as jy . . . as die . . . En die—die komponis het die boek geskryf, en die dirigent moet in dieselfde gees as die komponis wees. As hy nie is nie, gee hy die verkeerde tempo, en dan is die hele ding uit.

140 Dis wat vandag verkeerd is. Ons het te veel dirigente in die . . . nie in die Gees van die Komponis nie. Hulle sê: "Die denominasie, wel, ons glo *dit*."

141 Wat jy ook al sê, die Bybel is reg. Dirigeer dit volgens die Bladmusiek hier reg voor dit, dan speel die groot simfonie van God se groot drama net reg uit, dan kan ons die uur sien en waar ons staan.

142 Nou let op, die basuin moet die mense bymekaar roep, hulself laat saamtrek vir iets. Soms het dit 'n belangrike persoon aangekondig.

143 Soos in Josef, hulle het die basuin geblaas, en Josef het verskyn; wat 'n—'n simbool is van "die Groot Basuin" waarvan ons praat, en oor 'n rukkie by uitkom, in Jesaja. Waar gesê word: "As die Groot Basuin weerklink, as daardie banier opgehef word, daarbo; en dan sal daar 'n tyd kom wanneer die Groot Basuin sal weerklink en al die nasies by Jerusalem sal vergader." Dis wanneer die Millennium begin; die Groot Basuin.

144 Nou, hierdie oproep, van die fees van die basuine, die naderkom van iets. Let op Openbaring 8:7, as julle wil neerskryf. Ons let op die Eerste Basuin, daar het hael, bloed, vuur op die aarde geval; net presies soos Eksodus, toe God Sy mense uitgeroep het, met die uittog.

145 Nou die rede waarom hierdie Sewe Basuine nie van toepassing is op hierdie Kerk en hierdie tydperk nie, is omdat dit net vir Israel is. Dis die oproep vir die byeenkom van die mense. En nou is daar net een betekenis hierin wat ek wil hê julle moet oor ’n paar minute by uitkom, waar julle sal sien waarom dit nie van toepassing is op hierdie tydperk waarin ons lewe nie; die Sewe Basuine.

146 Ek weet baie mense verskil daarvan, maar ek weet dis dit. Ek weet dit. Nie omdat ek sê julle sê dit nie; omdat ek dit nie van myself gekry het nie. My—my gedagte is nie my eie nie. Wat Dit ook al is wat vir my gesê het, as Dit verkeerd is, dan is dit verkeerd. Maar ek sê dit nie uit my eie nie, Ek sê wat Iemand anders gesê het. Daardie Iemand anders is die God wat met ons gepraat het en al hierdie dinge gedoen het wat Hy gedoen het, en verskyn het, sien, dus weet ek dis reg.

147 Die—die samekoms van Israel is die Basuine. Die Basuine is om Israel byeen te bring. Let op die heel Eerste Basuin wat weerklink; bloed, vuur, hael en alles is op die grond gegooi. Sien? Wat het Hy gedoen? Israel uit die geestelike Egipte uitgebring, sien, terug na sy tuisland.

148 Nou laat ek dit sommer hier sê, dat elke Basuin wat geblaas is, onder die Sesde Seël geblaas is. Ons sal daarby kom oor ’n paar minute as ons die Seël daar behandel het. Al die Basuine het onder die Sesde Seël weerklink.

149 Want met die Sewende Seël was daar stilte. “Niemand het geweet nie; dit was die minuut of uur wat Christus sou kom,” soos Hy dit aan ons openbaar het.

150 Maar elke Basuin het onder die Sesde Seël weerklink, onder die vervolging van die Jode. Let op, Openbaring nou, 8ste, en begin met die 7de vers. Alles was die uitroep van Israel, natuurlikerwys, uit Egipte; nou is dit die uitroep van Israel in die geestelike sin. Hy was hulle aan die gereed maak om na die fees van Versoening te kom.

151 Let op, die fees van die basuine was eerste, wat pinkster was. Die fees van die versoening het daarop gevolg, vyftig dae later. Die fees van die versoening, lees dit hier. Ons sal waarskynlik, as ons tyd het, daarna verwys en dit vir julle uit die Bybel lees, hier in Levitikus 12, nou, of Levitikus 23 liewer, en Levitikus 16. Ons vind dat die eerste die fees van die—van die basuine was. Was die versoening en die...daarna het pinkster gevolg, nou vind ons uit...Die fees van die versoening het op die fees van die basuine gevolg.

152 Nou let op, 'n Basuin het weerklink, en dit was om hulle te laat byeenkom. Nou, die Eerste Basuin is geblaas, daar is hael, bloed, vuur op die aarde gegooi, net presies soos dit in Egipte was, wat gereed maak om hulle na die Versoeningsdag te roep. Sien? Hulle het die ware Versoening verwerp. En hierdie jare is hierdeur verleng, was die jaar van pinkster. Sien? Nou die weerklink vir die Jode kom volgende.

153 Dit was die uitroep van die Kerk gewees. Kyk baie goed. Nou, wat, daarna het Hy hulle na die beloofde land geneem; wat Hy dieselfde ding sal doen, waarin, simbolies, Hy die Kerk na die beloofde land neem.

154 Onthou, elke Basuin het onder die Sesde Seël weerklink; net toe het dit weerklink.

155 Let nou op, presies, die kontinuïteit van die Skrif, presies dieselfde. Onder die Sewende Basuin is vir Israel dieselfde as die Sewende Seël vir die Kerk was. Ons vind onder die Sewende Seël, dat wanneer hierdie siele wat daar onder die altaar was, wat klede ontvang het. . . Vir hulle is klede gegee, nie dat hulle hulle verdien het nie, want hulle was in die dispensasie toe God nog in genade met die Heidene gehandel het, nie Jode nie. Israel word as 'n nasie gered. God handel met Israel as 'n nasie. Heidene is "mense vir Sy Naam," nie 'n nasie vir Sy Naam nie. Israel!

156 En toe Hitler—hulle die Jode vervolg het, en die dinge gedoen het wat hulle onder dit gedoen het; kyk, hulle, Stalin, Hitler, en al daardie diktators het opgestaan. As ons die tyd gehad het waarin, om dit vir party nuwelinge voor te dra, maar ons het al daardeur gegaan. Onder daardie selfde tydperk wat daar in Duitsland was en—en al die ander nasies, het Jode deur al die lande versprei. Maar daar het in die laaste twintig jaar 'n bitter vervolging teen die Jode ontstaan.

157 Ek was daarbuite by die ou plekke waar hulle hul liggame verbrand het, en veras het, en gebruile die. . . hulle as gebruik het om die grond te bemes, Joodse kinders, en vroue en alles. Dan probeer hulle dit ontken; neem hulle reguit daarheen en wys hulle waar dit gedoen is.

158 Dit was 'n bitter vervolging teen Israel, want dit was die tyd om hom nou na die Versoening te roep. Hy is nog onder die versoening van 'n natuurlike lam. Die ware Lam van God is die Versoening, en hy het Dit verwerp, en die Bloed was sedertdien op hom. Let op, maak die mense gereed! Hoe perfek is dan die Sewende Basuin en die Sewende Seël, perfek tesame, die vervolging van die Jode.

159 Let op, in Openbaring die 9de hoofstuk en die 13de vers, let nou baie mooi op, onder die Sesde Basuin. Openbaring 9:13, onder die Sesde Basuin, let op, daar is twee honderdduisend ruiters wat in die Eufraatrivier vasgemaak was, losgelaat

onder die Sesde Basuin. Nou daar is nie twee honderdduisend ruiters in die wêreld nie, maar daar was twee honderdduisend ruiters. Let op daarna. Ek wil hê julle moet dit neerskryf sodat julle dit kan lees.

160 Hulle was nie natuurlike perde nie. Hulle het vuur uitgeblaas en borsplate van jaspis gehad, en—en hulle het sterte gehad. En die punt van die stert het soos 'n slang gelyk, 'n slang se kop op die punt daarvan, wat steek. Sien? Dit was geestelike perde, geestelike duiwels, strydrosse, wat al hierdie jare in die Eufraat vasgebind was, bonatuurlike duiwels. Wat was dit? Die ou Romeinse Ryk wat herleef; die vervolging van die Jode. Hulle was vir byna tweeduisend jaar by die Eufraatrivier vasgebind, kan nie oorgaan na die belofte nie; 'n godsdienstige sekte wat na die ander kant probeer kom het. Eufraat, weet julle, kom deur Eden. Maar hulle was daar vasgebind, twee honderdduisend duiwels van vervolging.

161 En let op wat gebeur onder die Sesde Basuin. Hulle is op die Jode losgelaat; die vervolging van die Jode. Bonatuurlike duiwels, byna tweeduisend jaar, toe losgelaat deur Stalin, Hitler, op die Jode. Julle sê: "Wel, dis nie Romeins nie." Dis dieselfde gees. Hulle het dieselfde dinge gedoen wat hulle aan die Christene gedoen het in die ou heidense Romeinse dae. Kyk nou na die natuurlike Israel, en die geestelike Kerk nou, soos ons dit hier skei. Losgelaat op die Jode.

162 Julle onthou, onder die Sesde Seël, hoe elkeen van daardie martelare volgens—volgens die Woord van God, klede ontvang het. Dit is aan hulle gegee deur die genade, want hulle is verblind sodat hulle nie hul Evangelie kon sien nie, sodat hierdie mense uit die Heidene geroep kon word vir die—die Bruid. Hulle is klede gegee, sê die Bybel hier, onder daardie Basuin. Daardie Jode wat absoluut teen Christus en alles is; die rede waarom hulle is, is omdat die Bybel gesê het hulle is verblind. En hulle is verblind om julle onthalwe. En die regverdige God weet dat hulle Dit sou ontvang, maar hulle is blind gemaak vir julle onthalwe. Die Bybel het so gesê.

163 Daar is daardie Romeinse ryk, daar gebind deur (wat?) die kerklike magte. Wat, Rome, heidense Rome, het pouslike Rome geword, en daar gebind is in sy tradisies van Christendom. Watter deel van die Christendom, en—en bygelowe dit uit Rome gehad het wat dit alles saamgevoeg het; aanbidding van vroue, en al die ander soort goed, en Kersfeesdae, en vakansiedae, en heilige dae, en dinge. Dis gebind met daardie tradisie sodat dit nie kan loskom nie, want dis teen Christelike beginsels. [Broer Branham klop verskeie kere op die preekstoel—Red.] Steeds dieselfde goddelose, heidense gees! En daardie gees is opgevang in die nasies van die wêreld, volgens die profesieë van Eségiël en die res van die hulle.

164 En hulle is losgelaat op die Jood, wat niks van die Gees geweet het nie. Daar is julle verborgenhede wat daaronder daardie Seël verberg is. Sien? Let daarop. Ons het daardeur gegaan. En ek sal julle hierdie Basuin hier wys, hierdie laaste Basuin wat plaasvind. Daar is hulle. Hierdie Basuine word losgelaat op die Jode, (sien julle nie?) nie op die Heidene nie. Die Heiden, is weg verseël toe daardie Seëls geopen is; tyd is beëindig; die Kerk is geroep.

165 Onthou julle die visioen die ander dag? Onthou julle die her—. . .die voorspelling daarin? Hoeveel onthou, voor verlede Sondag? Hoe dit presies daar was, uitgekom. Ons het dit gesien, presies, gesien daardie vuil, vieslike ding kom voor, die kerk genoem, die uiterste vulgariteit. En daardie klein Bruid, uit elke nasie, elkeen van hulle geklee soos hulle nasie waaruit hulle kom, wat net perfek voor die Here wandel.

166 Let julle op, daar sal 'n tyd wees, eendag, wanneer hulle sal sê: "Wel, ek het gedink die Kerk sou voor die vervolging gaan. Ek het gedink daar sou 'n Wegraping wees."

"Dis al verby en jy het dit nie geweet nie."

Dis wat Hy eenkeer van Johannes gesê het, weet julle.

167 Het gesê: "Hoe, waarom sê die profete dat 'n. . .die skrywers, dat Elia eers moet kom?"

168 Hy het gesê: "Hy het reeds gekom." En selfs die dissipels het dit nie geweet nie. "Hulle het aan hom gedoen wat hulle wou."

169 Die Wegraping sal net so wees. In—in 'n uur. . .Hy het belowe om dit te doen. Hy het nie belowe om Elia op die wyse te toon nie, maar Hy het belowe om die Bruid so te neem. "Op 'n uur wat julle dit nie verwag nie," net 'n verandering, in 'n oomblik soos die knip van 'n oog, weggeraap word. Dan is julle weg, dan is dit die tyd!

170 Vir tweeduisend jaar kon hierdie gees deur die Roomse mense, die Roomse kerk, nie beweeg nie. Maar daardie selfde gees wat eers opkom daaronder in Mussolini in Rome, die diktator. Julle weet die vyf. . .

171 Sewe dinge het Hy my in '33 gewys sou gebeur. Vyf van hulle is reeds verby. Doktor Lee Vayle skryf nou 'n boek daaroor. Sien? Vyf dinge perfek en net nog twee dinge wat moet gebeur. Het gesê: "Dit sou net voor die Koms gebeur." Hier is ons nou reg by die end, en dit lyk of daardie sesde ding net aan die naderkom is. Sien? Perfek, presies, selfs die oorloë en hoe hulle sou plaasvind, presies in die kol, en nie eenkeer was dit mis nie.

172 Luister mense, ons behoort elke uur inventaris te neem. Julle weet nie waar ons staan nie. Baie naby!

173 Nou, nou het hy op, onder daardie Sesde Seël hierdie twee honderdduisend geestelike duiwels losgelaat, het begin in Rome, Duitsland, Hitler. En let op daar in die Bybel, waar hulle ontvang het, nooit...Hulle het mag soos konings ontvang, maar is nie gekroon nie. 'n Diktator is nie 'n gekroonde koning nie; ontvang net mag soos 'n koning.

174 O, die Gees van God beweeg nou net deur my, weet julle, sê net iets. Ek weet nie hoe om dit te sê nie, ook nie wat om te sê nie, en miskien moet ek liewer nie.

175 Let op, twee dui—...honderdduisend duiwels losgelaat op daardie Jode, toe hulle hul verbrand het, hulle hul gekruisig het. Hulle het borrels in hulle are gesit. Hulle het hul doodgemaak tot hulle nie meer gas gehad het om hulle mee dood te maak nie. En hulle het hul geskiet tot hulle nie meer koeëls gehad het om mee te skiet nie. En hulle—en hulle het alles gedoen wat hulle kon. Hulle het hulle liggame veras en alles; en op heinings gehang, kinders en al, onskuldige mense. Omdat hulle Jode was, is dit aan hulle gedoen. Maar God het gesê Hy gee elkeen van hulle 'n kleed, onverdienstelik soos hulle was; maar Sy genade, om hulle te verblind, sodat ons kon sien.

176 Die Sewende Seël het nog nie oopgemaak nie, weet julle. Dis Sy Koms.

177 So terwyl hulle nog daaronder is, maar Hy wys ons hier, in 'n voorskou. Soos Johannes, Hy het hom opgeneem.

178 En eenkeer, het hy op die see geloop, weet julle; hy het gesê: "Wat van hierdie man wat op U bors leun?"

179 Hy het gesê: "Wat gaan dit julle aan as hy bly tot Ek kom?" Sien, hy het nooit gebly nie, maar Hy het hom opgeneem en hom dit gewys, die ding wat sou gebeur tot Hy kom. Hom net gewys, die hele plan aan Johannes hersien.

180 Let op, ons vind nou dat daardie natuurlike mag onder die natuurlike, teen 'n natuurlike nasie, Israel, daar losgelaat is. En wat het dit gedoen? Dit het oorlog gaan maak, en hoe het dit gemoor en geplunder.

Nou op die kerklike terrein daarvan!

181 Ek...is julle...Ek hoop God maak nou julle oë hiervoor oop. Want ek weet dit is nie net met die kerk hier wat ek praat nie. Hierdie band gaan wêreldwyd. En ek bedoel nie om enigiemand se gevoelens seer te maak nie, maar net om die Waarheid te vertel.

182 Nou die kerklike terrein is oopgemaak van die natuurlike herlewing van die ou heidense Rome af, het uitgegaan teen daardie Jode wat alreeds hulle vyande was. Die leeu, met tande en alles, het neergetrap en die mense uitgebreek. Rome was

altyd God se vyand! En dit is met dieselfde gees deur die diktators van die wêreld losgelaat, want die godsdienstige stelsel het nog bestaan. Nou is dit losgemaak.

183 Wat het dit gedoen? Met die "listigheid," soos Hy gesê het, het hy soos vleitaal ingekom. En wat het hy gedoen? Hy bring die Protestante Ekumeniese Raad van die Wêreld Kerke, die gees van die antichris op beide van hulle, bring hulle tot slagting, net soos hulle met die ander gemaak het, in die uur dat die Bruid geroep moet word. Hoe? Losgelaat in die kerklike kerkgees. Losgelaat waarop? Nie op die denominasies nie; op die Bruid! Maar hier sal julle dit kry, die Bruid sal nie deur daardie tyd gaan nie. Die Bybel sê nee. Die kerk sal, maar nie die Bruid nie. Kan julle nie sien nie? Predikers, kan julle dit nie sien nie, broers?

184 Julle sê: "Die Kerk moet deur die vervolging gaan vir die—die vervolmaking Daarvan." Die Bloed van Jesus Christus maak die Bruid volmaak.

185 'n Man wat 'n vrou kies onderwerp haar nie aan 'n klomp straf nie; hy het alreeds guns gevind, ook by haar; sy het guns by hom gevind. Hy—hy raak aan haar verloof. En, as daar iets is, sal hy haar van elke plek weerhou om haar hand te draai. Sy genade is so groot oor hulle.

186 En so sal dit oor die Bruid wees, en so is dit op die Bruid. Ons onwaardige skepsels, wat die hel verdien, maar Sy genade dra ons daardeur. Kyk na hoeveel verlore en blind is! Hoeveel, hoeveel sondaars was daar in die wêreld, in die uur wat ek gered is! God het my met 'n doel gered; en ek is vasbeslote, deur Sy wil, om daardie doel te verwesenlik. Ek gee nie om wat anders gebeur nie, ek wil dit doen.

187 En in die uur wanneer ek al die kerke sien, hulle groot aantreklikheid: "en ryk, en het aan niks behoefte nie," sê hulle; en hulle sien, armsalig, ellendig, blind; dan klop hulle jou op die skouer, wil hê jy moet saam met hulle toegee. Ek is vir 'n doel gebore, dis om daardie ding te veroordeel en uit te roep. Dit doen ek.

188 Onthou, toe Jesus op die aarde gekom het, was daar nie 'n honderdste van die mense op die aarde wat ooit geweet het Hy was hier nie. Hy het gekom om daardie uitverkore groep te kry. Het gesê: "Geen mens kan na My kom tensy My Vader hom getrek het nie. En almal wat die Vader My gegee het," verlede tyd, "hulle sal kom. Hulle sal dit ken. Hulle sal Dit hoor."

189 Let op die loslating van hierdie kerklike gees. Nou twintig jaar later, na daardie oorlog, sien ons die loslating van die kerklike gees. Waaronder? Die Sewende Seël; die Sewende Basuin vir die Jood.

190 Kyk na die maan wat verduister. Waaronder? Kyk hoe dit geteken is, die Seun van die mens wat uit die kerk gedryf word.

191 Wat is dit? Aansluit by die kerklike klomp. Die—die ekumeniese beweging, en met die Wêreld Raad van Kerke, is elke mens verdryf. . . Waarvoor staan daardie ding? Wel, jy moet al jou evangeliese leringe en dinge prysgee. "Hoe kan twee saamloop tensy hulle ooreengekom het?" Hulle kan nie. Jesus het gesê hulle kan nie. En hoe kan 'n kerk, die Metodiste en Baptiste saamloop? Hoe kan die Kerk van Christus saam met die Presbiteriane loop? Hoe kan die Katoliek saam met die Protestant loop? Hoe kan Protestant saam met Protestant loop?

192 Maar die Bruid kan met die Woord, wat Christus is, saamloop. Dit moet in ooreenstemming wees. Nie die kerklike stelsel nie; maar die Woord. Jy moet met die Woord ooreenstem om met die Woord te wandel. Jesus het so gesê. Dit maak dit reg.

193 Let op, daar is sy nou. Sy's losgelaat, om al hierdie los draadjies op te tel: "O, wel, maak in elk geval nie enige verskil nie."

194 Dis wat Satan vir Eva gesê het: "Maak nie enige verskil nie. Dis alles reg. Sekerlik, God is 'n goeie God. Hy het ons almal lief." Hy het nie.

195 Jy hoor soveel daarvan dat Dit 'n goeie God is. Hy is 'n goeie God, maar, deur goed te wees, moet Hy regverdig wees. Daar is geen goedheid sonder regverdigheid nie. Daar is geen regverdigheid sonder wet nie, sonder straf, boete nie. Dus is ons in daardie uur waarin ons lewe.

196 Let nou, gou op, hierdie bonatuurlike duiwels. Dan, onder die—onder die beskerming van 'n Verenigde Nasie, verenigde groepe saam, Oosters en Westers.

197 Net soos die regter— en linkervoet van die beeld wat Daniël gesien het, hoe hulle nie wou ooreenstem en met mekaar meng nie. En die woord Eisenhower, gedurende daardie tyd. . . *Eisenhower* beteken "yster." *Kroestchev* beteken "klei." En hy het sy skoen uitgetrek dit geslaan [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] op die lessenaar by die. . . toe die Volkebond, of die V. . . by die V.N. Kroestchev het, en afgestof die. . . O, goeiste! Die uur waarin ons lewe! Die kerk en sy toestand!

198 Maar dank God, die klein Bruid het Haarself gereed gemaak. Dis nie meer lank nie. Hou net uit. Dit sal nie lank duur nie. Ek weet nie hoe lank nie, ek weet nie wanneer nie; niemand weet dit nie. Maar ons weet dis nou naby, baie.

199 Kyk na die kerklikes. Kyk na daardie, natuurlike, wat dit aan daardie Jode gedoen het. Dit was 'n volk wat by die wette van God gehou het. Ongeag hoeveel kerke opgestaan het, wat

ook al, hulle was verblind vir Christus, en het aan daardie wet vasgehou. En God het aan hulle klede gegee, elkeen van hulle, want hulle het in martelaarskap ondergegaan. Sien? Hulle is—hulle is . . . Hulle is om ons ontwil verblind.

200 Hier nou, die Kerk, wat niks behalwe die Bybel ken nie. Ongeag kerklike sisteem, denominasie, hulle weet niks daarvan nie. Dis alles vreemd vir hulle. Hulle ken Hom, en Hom alleen.

201 Mense is vandag ietwat soos Petrus—hulle bo—op die Berg van Verheerliking was. Hulle het heel begeesterd geraak toe hulle die bonatuurlike gedoen gesien het, en een het gesê: "Ons sal een kerk maak van—van die profete, en een vir Moses."

202 En dis hoe die mense, die Pinkstermense gemaak het. Hulle het gesê: "Ons sal een maak, Gemeente van God; en een, kerk van God; en een, Eenheid; en een, Tweeheid," ensovoorts op daardie manier.

203 Maar terwyl hy nog praat, het Jehova uitgeroep: "Dit is My geliefde Seun," Wat die Woord is: "luister na Hom!" Sien. Hy is die Woord.

204 Die uur waarin ons lewe, die kerklikes, van geeste wat nou saam verenig en hulle almal na hierdie een groot slagting bring, om uit te wis. Dis alreeds hier op skrif, nou in hierdie nasie, dat hierdie kerke gesluit moet word tensy julle by die organisasie is. Dis 'n vakbond, dis 'n boikot, net soos die merk van die dier.

205 En nou sien julle wat die dier is, dan nie? Dis 'n mag. En 'n mag, kerklike mag, het Jesus gesê: "Dit sal so naby die ware ding wees, dit sou selfs die Uitverkorenes mislei as dit moontlik was." Maar Hy het belowe om op daardie dag iets hier vir ons te hê sodat ons nie mislei sal word nie, en dis die Woord, en Christus en Dit aan ons te manifesteer. Hulle is bonatuurlikes, duiwels, onsigbaar vir die oog, maar jy kan sien wat hulle doen. Sien?

206 Let op, terwyl daardie groep ry, hulself gereed maak om alles te vertrap wat nie met hulle saamstem nie, is daar 'n ander groep wat gereed gemaak word, na 'n ruk, Openbaringe 19. Die volgende keer wat die Kerk gehoor word, kom Sy ook, nie presies op perde nie, maar die Bybel het gesê: "Hy was op 'n wit perd, en die skare van die Hemel het Hom op die perde gevolg." Is dit reg?

207 Terwyl hierdie groep hieronder twee duisend by die Eufraatrivier vasgebind het, en vasgebind was vir tweeduisend jaar, het daardie kerk ook die Heilige Gees vir byna tweeduisend jaar vasgebind, onder martelaarskap destyds, en onder die kerkeeue. Dis gebind, nie by die Eufraatrivier nie, maar by die deur van geloofsbelydenisse en dogmas sodat die Heilige Gees nie in die kerk kan werk nie as gevolg van

mensgemaakte stelsels. Maar Sy gaan vrygestel word, Sy kom terug, dis wat die Bybel gesê het. En daardie twee ontmoet mekaar op die slagvelde, weer Lucifer en Michael, soos in die begin. Hulle is vir tweeduisend jaar gebind gewees, byna, byna tweeduisend jaar.

208 Nie presies tweeduisend nie, want die Romeine het aangehou, Titus in 96 nC, en so aan destyds, het die Jode doodgemaak. Die Romeine! Wie was dit wat die Jode doodgemaak het? Wie was Titus? 'n Romeinse generaal. Die bloed het daaronder by die hekke uitgeloop, tot by die . . . o, en het hulle doodgeslaan, die vrouens, kinders en alles. Het Eségiël 9 nie gesê hulle sou dit doen nie? "Trek dwarsdeur die stad en maak 'n teken op die voorhoofde van die mense wat sug en steun," die—die Heilige Gees. En die res van hulle: "die verwoesters het uitgetrek," wat gebind sou word; hulle teruggehou, hulle teruggehou totdat hulle uitgegaan het en alles wat daarin was doodgeslaan het. Klein vroue, vroue, kinders, babas en alles anders, hulle is almal doodgeslaan. Presies.

209 Hier is dit weer, wat homself herhaal. En hier kom daardie kerklike stelsel weer terug, en versmoor, vertrap alles wat God genoem word. O, hulle het hulle stelsels, en organisasies, en denominasies, maar dit het niks met die Bybel te doen nie. Hulle sal vir jou gou sê hulle glo nie eers Daarin nie. Ja, meneer. "Sê wat die kerk sê."

210 Dis wat God sê! Dit is die Woord. Die Bruid is by die Woord hulle is Een. Hoe kan hulle Een wees? Wanneer, daardie Woord wat Daarin geskrywe is, in jou word, en maak— maak dat jy en die Woord Een word. Dis presies wat Hy beloof het.

211 Dan, Dit interpreteer. God het nie 'n interpreteerder nodig nie. Hulle sê: "Wel, ons interpreteer Dit *so*." Julle het geen reg om enigiets te interpreteer nie. God doen Sy Eie interpretasie. God het gesê: "Laat daar lig wees," en daar was lig. Wie interpreteer dit? Hy het gesê: "'n maagd sal swanger word," en sy het. Dit het geen interpreteerder nodig nie; dis reeds geïnterpreteer. God het gesê hierdie dinge sal in hierdie dag gebeur, en dit is. Dit het geen interpreteerder nodig nie. Dit interpreteer Sigself. O, goeiste!

212 Openbaring 9:1, onder die Vyfde Basuin, hulle koning . . . Let nou op, Openbaring 9:1, die koning van hierdie groot groep van twee honderdduisend perderuiters. Hulle het 'n koning oor hulle gehad, en, as ons oplet, dit was 'n gevalle ster. "Waarom het jy uit die hemel geval, O Lucifer?" O, hoe Doktor Smith dit daarbo so deurmekaar gekry het, maar, dis in orde, sien, was nie vir sy uur nie. Sien? Goed. "Was die bodemlose put; hulle koning was die koning van die bodemlose put."

213 Openbaring 17:8. Ek het hier iets neergeskryf. Ek gaan dit net lees. Julle sien hier, Openbaring 17:8. Ek wil sien wat hier staan, want ek weet nie mooi hoe om dit volgende aan te pak nie, 17:8.

> *Die dier wat jy gesien het, was en is nie en sal uit die bodemlose put opkom en* sal *na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die aarde af in die boek van die lewe—van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en* wat *nie is nie, alhoewel hy is.*

214 Sien: "was," een pous sterf, 'n volgende verskyn. "Dier wat was en nie is nie, wat is; wat nie is nie, wat is." Verander nie sy orde nie; dis pous, dieselfde tyd, alles. Alles moet in dieselfde stelsel gaan.

215 En dit sal waarvandaan kom? "Uit die bodemlose putte." En die Bybel het hier gesê dat: "Die leier van hierdie kêrels het uit die bodemlose putte opgekom, en dit was hulle koning," en hy sit met 'n drievoudige kroon en sluit die Protestante by hom aan.

216 Het 'n Lutherse priester die ander dag hoor sê, het gesê. . . of, 'n Lutherse prediker, het gesê: "Wel, mense vra my hoekom ek 'n—'n boordjie dra. Hoe kan hulle my onderskei van die. . . " Was jy daar? ['n Broer sê: "Ja."—Red.] Ja. En, dit, was dit nie belaglik nie? Ek—ek het amper lus gevoel om op te gooi, van die platvorm afgeloop. Hulle het gesê: "Want, hulle behoort nie enigsins te verskil nie."

217 As Luther, Martin Luther, dit moes hoor, sou hy in sy graf omdraai, en sê: "Julle huigelaars, julle hoort nie in my geledere nie." Uh—huh. Sien?

Maar weet julle waartoe dit gekom het? "Daar is geen verskil nie."

218 Daar is 'n verskil. Verskil selfs in indiwidue. God het gesê: "Sonder vir My Paulus en Barnabas af," dis reg: "vir die werk." Sonder af! God is 'n afskeier, nie 'n menger nie. 'n Afskei. . . Die kerk wil vandag 'n goeie menger hê, wat hulle baaibroeke kan laat dra, en kortbroek en alles anders, en laat uitgaan en so tekere gaan. Maar God het gesê: "Sonder vir My af!" Sonder julself van die wêreld af!

219 Openbaringe, ons vind hier uit dat: "hulle koning kom uit die bodemlose putte op," en is dieselfde een wat "na die verderf vaar," in en uit, in en uit, het uitgegaan.

220 Let op in Levitikus, die 23ste hoofstuk, hoe perfek is die interpretasie saam met die volgorde van die Woord, met wat ons nou probeer gee. Kyk nou hierna, die volgorde. Ons let nou op. Laat ons net blaai en dit net vir 'n oomblik lees. In

Predi—. . . nie in Prediker nie, maar Levitikus. Levitikus 23, nou let hierna op, nou Levitikus die 23ste hoofstuk. En ons wil glad nie hierdie mis nie, nou, sodat ons dit net presies kan kry soos die Here dit hier vir ons neergeskryf het. Ek kan sekerlik nie Levitikus in Eksodus kry nie, kan ek? Goed, nou Levitikus. "En die Here. . . " 23ste.

> . . . *die HERE het met Moses gespreek en gesê: Spreek met die kinders van Israel en sê: In die sewende maand, op die eerste dag van die maand, moet dit vir julle 'n rusdag wees, 'n gedenkdag deur basuingeklank, 'n heilige vierdag.* Sien?
>
> . . . die *beroepswerk mag julle doen; maar julle moet* nie *aan die HERE* vuuroffers *bring.*
>
> . . . en *julle moet aan die HERE 'n vuuroffer bring.*

221 Kyk nou. Let nou op.

> *Verder het die HERE. . . Moses gespreek en gesê:*
>
> *Maar op die tiende van hierdie sewende maand is dit 'n versoendag. . .*

222 Sien, die versoening kom na die. . . Kyk nou. Die versoening kom na die basuinklank. Sien? Hoe pragtig! Sien? Die versoeningsdag het na die basuin gekom.

223 Nou—nou, die vyftig dae van die basuine simboliseer vir ons toe die basuin weerklink het met pinkster, wat vyftig dae was. Nou—nou—nou, hierna, het die Jode Dit verwerp.

224 Nou, die Basuine moet hulle terugroep na daardie Versoening, sien, die Versoening wat hulle verwerp het. En hulle het dit verwerp sodat ons oë geopen kon word; hulle s'n is gesluit. En gedurende hierdie tyd het hierdie Seëls oopgegaan, en het die—die—die Basuine geblaas. En nou, met die blaas van die Basuine, net voor die Messias kom, want hulle moet in Palestina wees. En julle onthou God moes Farao se hart verhard om hulle uit Egipte te verdryf; en Hy het Stalin, Mussolini, en al dié verhard om hulle in die beloofde land terug te kry, waar die honderd vier—en—veertig duisend veronderstel is om te wees.

225 En nou, vir die eerste keer in duisende jare, vyf—en—twintig honderd jaar, wat Israel 'n nasie is met sy eie vlag, eie leër, en alles, en word gereken in die—in die V.N. Eerste keer wat dit is. Die oudste vlag wat ooit op die aarde gewapper het op hierdie tydstip, wapper weer, die vyf. . . sespunt ster van Dawid. Hy het gesê dat Hy daardie banier sou ophef in die laaste dae, wanneer sy sou terugkom. Ons is by die einde. Daar is geen twyfel daaroor nie. Ons is hier.

226 Let nou gou op, Openbaring 9, onder die sewe basuin: "hulle koning kom uit die bodemlose put."

227 Dan nou in Levitikus, hoe perfek is die interpretasie hier met die Woord! Want, sien, onmiddellik daaropvolgend, die pinksterjubileum het op die versoeningsdag gevolg; die volgorde van die feestyd. Tussen die pinksterfees, tot die versoening, die klank van die basuine vir die versoening, was die pinksterfees, die lang tydsperiode. Kyk, daar was 'n lang tydsperiode tussen die pinksterfees tot by die roep van die—van die bas—. . . die weerklink van die basuine, die—die basuine wat moes weerklink; 'n lang tydsperiode. Kortom, dit was vyftig dae, van die—van die—van die pinksterfees tot die versoeningsfees, was vyftig dae. Nou, vyftig dae is presies sewe sabbatte.

228 En sewe sabbatte is die sewe kerkjare, Kerkeeue. Begryp dit? Sien? Sien? Nou, die Jode is verblind, het al die tyd gewag terwyl die pinkster—Eerstevrugte op die Kerk uitgegiet is. En ons het afgekom deur die martelaarstydperke, en af deur die hervormertydperke, en nou in die uitroeptydperk; drie seksies, dieselfde Gees; soos Vader, Seun, en Heilige Gees, dieselfde Een. Sien? Maar Sewe Kerkeeue, wat sewe sabbatte is.

229 Presies sewe sabbatte van die—van die pinksterjubileum basuin. . . 'n pinksterjubileum fees, tot. . . Die beweeg van die gerf, en dan die pinksterjubileum. En dan van die jubileum tot die versoening is sewe sabbatte, vyftig dae, en aan die einde van die vyftig dae is die—die versoening gedoen. Begryp julle dit? Nou, en dit was 'n tipe, dat die Kerk. . .

230 Toe Hy openbaar is, Hy self, as Seun van God, is aan die Kerk openbaar in die doop van die Heilige Gees, deur al die eeue, in die—die pinkstertydperk, sien. Word net meer en meer; regverdigmaking onder Luther, heiligmaking onder Wesley, doop van die Heilige Gees.

231 Nou hier is die uitroeptyd. Met die Sesde Seël toe dit—toe dit oopgegaan het, het die vervolging die Jode getref in die letterlike standpunt; en hier kom die vervolging van die kerk, in die kerklike standpunt; want die Bruid is reeds geroep. Die sabbatte is verby, en gereed vir die Jode om geroep te word. Waarheen? Die Versoeningsfees. O, kerk, sien julle dit nie? Geroep na die Versoeningsfees, (wat?) om die Versoening te herken; geen hoenders en ganse meer nie, en wat hulle gedoen het nie. "Die Lam van God, geslag van die grondlegging van die wêreld af," Israel gaan Dit weet.

232 Let op, hier is 'n groot ding. Kyk! O, goeiste! Die Heilige Gees is hierdie hele tweeduisend jaar deur die denominasies gebind. Ons vind uit, Dit is. Let nou op die sabbatte, sewe sabbatte, hulle kon nie heeltemal uitkom nie. Die—die Bybel het gesê: "Daar sal 'n dag wees wat nóg nag nóg dag sal wees."

233 "En al die Skrifte," het Jesus gesê: "moet vervul word." Is dit reg? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

234 Die profeet het gesê: "Daar sal 'n dag wees wat nie dag en nag genoem kan word nie, maar teen die aand sal dit Lig wees."

235 Wat was dit? Dieselfde son wat in die Ooste skyn, is dieselfde son wat in die Weste skyn.

236 Elke keer wat daardie son opkom, en oorgaan en ondergaan, beteken jou lewe. Klein baba word gebore, swak, op 'n oggend. Omtrent agtuur gaan hy skool toe. Half twaalf is hy uit die skool uit, dis die hitte van die dag. Dan begin dit sak, tot vyftig jaar toe, sestig, sewentig, tagtig, negentig. Sy gaan daar ver onder en sterf; net om die volgende dag terug te kom, en te sê: "Daar is 'n lewe, dood, begrafnis, opstanding."

237 En, let op, beskawing het saam met die son gegaan. Die oudste beskawing wat ons het is China. Enigeen weet dit.

238 Waar het die Heilige Gees geval? Op die Oosterse land, op Oosterse mense. En die Evangelie het saam met die son beweeg. Waar het dit vandaan gekom? Vanuit die Ooste, na Duitsland, van Duitsland na Engeland. . . Het die kanaal drie keer oorgesteek. Middellandse See na Duitsland, van Duitsland. . . Van die Middellandse See, van die Ooste, na Duitsland, deur die Middellandse See; van Duitsland, oor die Engelse Kanaal na Engeland; van die Engelse Kanaal, oor die Stille Oseaan oor na. . . of die Atlantiese Oseaan, oor na die Verenigde State.

239 En nou is sy by die Weskus. Sy het die nasie oorgesteek wat sy beskaaf het en oorgegaan het en voortgegaan. Beskawing beweeg; die Evangelie het daarmee saambeweeg. Nou is al die gespuis op die Weskus, met alles wat dit opgetel het, soos die getygolf wat inkom.

240 Maar die profeet het gesê: "Die Son sal nie deur hierdie dag skyn nie; dit sal 'n dag van donkerte wees." Hulle het genoeg Lig gehad, soos 'n regte reëndag, hulle kon by kerke aansluit, en in die Here glo, en sulke dinge. Maar hy het gesê: "Teen die aand tyd sal die wolke wegbeweeg, sal die denominasies vervaag." En dieselfde Evangelie, dieselfde vleesgeworde Woord as wat Hy beloof het in Lukas 17:33. Dieselfde Evangelie, met dieselfde ding, sou in die aandtyd plaasvind, net wanneer die skaduwees laag begin word. Dieselfde Evangelie, dieselfde Christus wat in die vlees geleef het daar ver in die begin, by die Oosterse mense, sal weer in die endtyd in die Westerse mense leef. "Dit sal Lig wees teen die aandtyd."

241 "Al die Skrifte is deur inspirasie gegee," en kan nie verbreek word nie.

242 Die groot vyftig dae het verbygegaan. Die pinksterfees het verbygegaan, sewe sabbatte; tot by die basuine, 'n tipe van die Sewende Kerkeeu. Onthou, onthou, die. . . onder die Sesde

Basuin, die Jood. . . Luister julle? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Onder die Sesde Basuin verwerp die—die Pinkstermense die Bybel; die—die louwarmes, nie net die Pinkstermense nie, die hele res. Die kerkwêreld verwerp Christus en Hy word buite geplaas. En in dieselfde Basuin. . . En dieselfde Seël, liewer, toe Dit oopgemaak is, om Jesus aan die buitekant van die kerk te toon, wat probeer om weer in te kom; op dieselfde tyd klink die Basuin vir die Jode, en die Jode herken die Versoening. Glorie! Halleluja! O, goeiste!

243 Die Heilige Gees is deur hierdie denominasionele riviere gebind vir byna tweeduisend jaar, maar moet in die aandtyd losgemaak word deur die aandtyd Boodskap. Die Heilige Gees weer terug in die Kerk; Christus Self, geopenbaar in menslike vlees in die aandtyd. Hy het gesê. Hy het dit belowe.

244 Daar was drie fases daarvan, soos ek gesê het. Die martelare, tydperk van die martelare daarvoor; en toe die fase van die hervormers; en nou die uitroeptyd.

245 Wanneer dit klaar is, in die Laodicese Eeu, volgens Openbaringe 10, sou die verborgenheid van die hele Bybel aan die Bruid bekend wees. Is dit reg? [Gemeente: "Amen."—Red.] Openbaringe 10. Luister nou mooi. Uh—huh. Bruid, deur die Woord uitgeroep. Christus Self wat die Bruid uitroep, wat Hebreërs 13:8 duidelik maak, dat Hy "dieselfde is, gister, vandag, en vir altyd," dieselfde doen, dieselfde is. "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen." Sien? Lukas 22. . . Of Lukas 17:30, en ook Maleági 4, Hebreërs 4:12, al hierdie Skrifte wat belowe is, dit moet tussen die Sesde en die Sewende Seël wees, en die Sesde en die Sewende Basuin.

246 Pinksterfees eindig by die periode van die Sewende Basuin, want die volgende is die Koms van. . . Die Sewende Seël, want die volgende is die verborgenheid van die Koms van Christus, en ook, die Basuin word vir die Jode geblaas. Hulle Sesde Basuin word geblaas, en, wanneer dit gedoen word, word die geopenbaarde Seun van God aan hulle bekend gemaak; een halfuur ruimte. Onthou, alle Basuine weerklink onder hierdie Sesde Seël. Die Sesde Seël beëindig die verborgenheid, onder die Sesde Seël, net voor die Sewende geopen word.

247 Let op, hier is Levitikus 23:26. Hoe is die Skrifte nie in volgorde nie! Na die lang periode van pinkster, wat Israel destyds verwerp het; en Hy het die Heidense Kerk uitgeroep, deur hierdie pinksterfees. Hoeveel verstaan wat die pinksterfees is? Dis die vrugte van. . . eerste vrugte van die oes, die eerste vrugte van die opstanding, die pinksterfees.

Moet dit nie mis nie, mense! En, julle op die band, luister mooi!

248 Dit was die tyd van die pinksterfees. Die Jode het stil gelê, hulle het Dit verwerp. Nou moet hulle na die Versoening

teruggeroep word. Ons weet Wie die Versoening was; hulle het nie. En die Basuinklank, na die pinksterjubileum roep die Jode byeen. Kan julle nie sien hoe daardie Basuin, van vervolging onder Hitler—hulle, geblaas het nie? En die Jode is gedwing om byeen te kom, om die Skrifte te vervul.

249 Verstaan julle dit nou? Almal wat dit verstaan, sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Goed. Dis reg.

250 Let op hier in Levitikus, nou 26, die volgorde in die Skrifte. Na die lang periode van pinkster, wat eindig met die uitroep van die Bruid, word die Bruid deur 'n dienskneg uitgeroep. Die Verwerpte, volgende, om aan Israel bekend gemaak te word, die Versoeningsfees. Let op, hier nou is dieselfde as in Levitikus die 16de hoofstuk, toe Hy die pinksterfees beveel het. . . of die versoeningsfees, maar op hierdie plek word hulle genoem. . .

251 O, hoe perfek! Verstaan dit, predikers. Sien? Moet dit nie mis nie, predikers.

252 By hierdie pinksterfees, wat voorgestel word in Levitikus 23:26, of 23 en 24, is 'n fees van roubeklag, nie 'n fees waar doodgemaak is nie. Die fees is doodgemaak. . . Die versoening is doodgemaak, liewer. Die versoening is doodgemaak. Levitikus 16 is presies 'n gelykenis daarvan. Net, by hierdie plek, word Israel geroep om te rou oor hulle sondes. Hoe perfek is dit vandag! Dis nie die weer doodmaak Daarvan nie; wat Moses gesimboliseer het deur die rots 'n tweede maal te slaan; dit het nie gewerk nie. Nie die doodmaak van 'n fees nie; maar 'n roubeklag, oor die verwerping van die Versoening. O, goeiste! Dit sal die Basuin wees; die fees, word verwerp, dan hulle Messias wat bekend gemaak word.

253 Let op, hulle sal hul Messias ken as hulle Hom sien. Hy kom met mag, hierdie keer, die Een na wie hulle uitgesien het. Hy kom met mag, vir die Heidense Bruid, en die Jode gaan Hom herken. En dan sê die Bybel. . . Ons het net ses maande gelede, of meer, hier klaar daaroor gepreek. Die Bybel sê, as hulle sê: "Waar het U daardie wonde gekry?" Hoeveel onthou die Boodskap? Steek jou hand op. Seker, julle. . . Sien? "Waar het U daardie wonde gekry?"

Hy het gesê: "In die huis van My vriende."

254 Onthou hoe ek gepreek het oor die—die tyd toe Jakob die kinders van Israel daarheen gestuur om die goed te kry, die kos en goed, en hoe Josef gemaak het of hy hulle nie ken nie; en hoe al hierdie dinge aangegaan het toe hy homself bekend gemaak het? Onthou julle? En hulle was so bang, hulle het begin huil. Dieselfde as Jakob se probleem.

255 En hier kry ons die Jode onder vervolging; weet nie waar hulle nou staan nie, maar hulle kom terug.

256 En as hulle wel die Versoening sien verskyn, het die Bybel gesê: "As hulle. . .?. . ., het hulle gesê hulle sou een huis van 'n ander afskei, en dae lank ween, soos 'n—soos 'n familie wat hul enigste seun verloor het. 'Waar het u daardie wonde gekry?'"

Hy het gesê: "In die huis van My vriende." Sien?

257 Onthou, die Bruid is alreeds in die Hemel; Josef se vrou was in die paleis. En Josef het alles om hom verdaag, en hy het homself aan sy broers bekend gemaak; julle sien, sy Vrou en kinders en hulle was in die paleis toe Hy terugkeer om Homself aan die Jode bekend te maak. Daar is die Versoening. Daar is julle Basuin wat weerklink. Dis daar waar hulle sê: "O!" Wat is dit? Daar's die Versoening. "Waar kom daardie wonde vandaan?" Daar is dit.

"In die huis van My vriende."

258 Onthou julle wat Josef se broers gesê het? Wel, hulle het gesê: "Nou sal ons sekerlik doodgemaak word. Ons het dit gedoen. Ons het daardie boosheid gedoen."

259 Hy het gesê: "Nee, God het dit gedoen om lewe te red." Onthou julle die storie, in Génesis? Sien? Sien? So het Hy dit op hierdie wyse gedoen, om die lewe van die Heiden te red, die Bruid. Het gesê: "Ek het hulle in die huis van My vriend gekry; maar moenie kwaad wees nie, sien, moenie vir julleself bang wees nie."

260 Hulle sê: "O, goeiste! Het ons werklik Hom nie gesien nie? Was dit die Versoening, en ons het Dit nie gesien nie? O God!" En hulle het gesê: "Hulle skei hulself net af, en rou dae lank." Wat is dit? Die Versoening; droefheid. Hierdie keer, die koms van die bekendmaking, Versoening, is nie die gewone versoening waar doodgemaak word nie, soos in Levitikus 16. Maar Levitikus 23 is 'n routyd, oor hulle sondes. En hulle sondes was dat hulle Dit verwerp het.

261 O, sien julle nie waarby ons is nie? Sien julle nie waarom daardie Basuine niks vir ons beteken nie? Hulle het almal onder ons Sesde Seël weerklink. Sien julle nou waarom die Heilige Gees my nie daaroor wou laat praat nie? En die Hemelse Vader weet, met hierdie Bybel voor my, dat dit die Waarheid is. Het dit tot gister nie geweet nie, eergister; in my kamer daar waar Hy dit openbaar het, na my gekom het en met my gepraat het. Ek het teruggekom, ek het gesê: "Vrou, nou het ek dit. Hy het my pas daarbinne ontmoet en vir my gesê. Hier is dit, skat." Sien? Sien, daar is dit, sien, perfek net in harmonie.

262 O, mense sonder Hom, kom gou in! Dit mag die laaste geleentheid wees wat julle ooit sal kan hê. Julle weet nie watter tyd Hy mag kom nie.

263 Die fees van die basuine. Die Bybel sê: "Hulle sal hulself afskei, een vir die ander, en bid en ween, want soos 'n persoon wat hulle enigste kind verloor het."

264 Kyk, Ek wil nog een ding sê. Aandagtig nou; moet dit nie mis nie. Hoe treffend! Van die sewende engel (boodskapper van die Sewende Seël) se Boodskap in Openbaringe 10, was die Sewende Seël, tot by die Sewe Basuine, tussen daardie twee tye. . .

265 [Broer Branham klap sy hande eenmaal saam—Red.] O God, hoe kan ons Dit sê om die mense Dit te laat sien?

266 Dis tussen daardie Sesde Basuin, en die Sesde Basuin en. . .Die Sesde Basuin en die Sesde Seël klink terselfdertyd. En tussen die Sesde Basuin en die Sewende Basuin moet daar 'n profeet aan die Heidene verskyn om die mense na die oorspronklike Pinksterleerstelling terug te roep; en die twee getuies van Openbaringe 11 verskyn aan die Jode, om hulle na Jesus te stuur, terwyl die Kerk opgeneem word. Almal van hulle profete! Amen! Die Woord van die Here kan nie gebreek word nie. Dit sal nie 'n denominasie wees nie! [Broer Branham klop verskeie male op die preekstoel—Red.] Sien julle dit?

267 Lees hier in jul Boek en kyk of dit tussen die Sesde en Sewende Basuine nie daar ingevoeg is nie, laat die Jode wat uitgeroep word tussen die Sesde en Sewende Plaag, ons kom oor na daardie honderd vier—en—veertigduisend (onthou julle dit?), wat daartussen was. Onthou julle? Tussen die—die—die Sesde, die Vyfde Seël en die Sesde Seël. . .Tussen die Sesde Seël en die Sewende Seël, was daar 'n uitroeping van die honderd vier—en—veertig duisend. Onthou julle dit? Nou dit is waar hierdie basuine inkom, net daar, sien, en vervolging, en perde daarop losgelaat.

268 Dan, daar tussenin, moes daar 'n sewende engel se Boodskap wees, wat gepreek het en die Pinkstermense veroordeel het. En Jesus is uitgesit; wou geen samewerking met enigiemand hê nie, aan die buitekant geplaas wees, verwerp. Die Bybel het so gesê. Want, dis Christus wat tussen ons gemanifesteer is, Jesus tussen ons almal, gemanifesteer in die suiwerheid van Sy Woord, wat Dit bekend maak. En as dit. . .

269 Dit is nie sommer opgemaak nie, vriende. Dit is SO SPREEK DIE HERE, die Skrif.

270 En terselfdertyd. . .Nou, sodra hierdie Kerk (die Bruid) saamgetrek is, word Sy opgeneem; en daardie verborgenheid van die Sewende Seël, of die Sewende Seël, die verborgenheid van weggaan. En die Jode word geroep deur die verborgenheid van die Sewende Basuin, wat twee profete is, Elia en Moses, en hulle kom terug. En dit is daar waar die Pinkstermense deurmekaar is; hulle soek na iets wat moet gebeur; die Kerk is al weg. En dit is vir die Jode.

271 Nou, ek voel in iemand se verstand, sê: "Dit kan nie Moses wees nie." Ja, dit is. Nou, onthou julle, Hy kan my julle gedagtes vertel. Uh—huh. Uh—huh. Ek bly voel daardie her—. . . Goed.

272 Laat my dit vir julle opklaar. Dit was Moses. Want, hier is jou gedagte. Jy sê dat: "Moses, dit kan nie Moses wees nie, want Moses het gesterf." Jy dink dis Elia. Dis Elia, waar. As jy dink: "Dis Henog." Jy sê: "Moses is alreeds dood." Maar, onthou, hy kan weer lewend word. Hy het. Agthonderd jaar later, etlike honderde jare later, het hy op die Berg van Verheerliking verskyn. Jy sê: "Na 'n man al dood is?" Ja, meneer. Lasarus was dood; het weer opgestaan; en moes toe weer sterf. Sien? Seker. Uh—huh. En selfs die sondiges sal weer tot die lewe opgewek word en dan die tweede dood moet sterf. Is dit reg? So kry dit uit julle verstand uit. Dit is Moses. Hou jou bediening dop, net presies wat Moses en Elia gedoen het; het die hemele gesluit en vuur daarop laat neerdaal. Julle weet van die dinge wat hulle gedoen het.

273 Dink daaraan! Dis die endtyd, mense. Halleluja! Die groot Dag van die Here is op hande. Kom bymekaar. Fees van die Messias; hulle sal Hom verwerp, en hulle sal uitvind daar is hul Messias. Die Bybel het gesê daardie treffende dinge soos dié sal plaasvind.

274 In Openbaringe 11 roep, sal hulle bediening die bediening van Moses en Elia wees wat na Israel roep vanuit die Joodse tradisies; net soos die sewende engel se Boodskap die Bruid uit die Pinkstermense se tradisie uitgeroep het. Onthou, Moses en Elia moet Israel uitroep uit die ou versoening van die lam, en skape, en bloed, en bokke, en offerhande, na die ware lewende Offerhande, na die Woord.

275 En die sewende engel se Boodskap, onder dieselfde Basuin, alles presies dieselfde, dieselfde Seël, is om (wat?) die mense, die Bruid, uit te roep uit die Pinkster— en wêreldtradisie, na die egte Versoening, die Woord, Christus hier verpersoonlik in Sy Woord vlees geword tussen ons. Die wetenskap het dit met foto's bewys. Die kerk weet dit, die wêreld oor. Ons weet dit beslis, want Hy het ons nog nooit een ding vertel as SO SPREEK DIE HERE nie of dit was die Waarheid. Het Hy nie gesê nie, daar onder by die rivier: "Soos Johannes die Doper gestuur is, so sal hierdie Boodskap . . . "

276 Ek het opgekyk, en dis twaalfuur. Die middernaguur is hier, vriende, op ons. Sien julle hoe perfek is die Skrif? Perfek hoe Dit . . .

277 Dit, kyk, dit sal nie een of ander organisasie wees wat daarnatoe gaan en die Jode roep nie. Dit gaan twee manne wees, Moses en Elia. Altwee van hulle profete.

278 Nou kyk. Om die Heidene, die Bruid, uit te roep, het Hy in Maleági 4 beloof om dieselfde ding te doen.

279 En die Bybel het gesê Hy sou uit die kerk uitgesit word in die Sewende Kerkeeu. Hy sou uit die kerk uitgesit word. Dit sal heeltemal swart word, en word . . . Waar verdonker dit? Dit gaan binne hierdie kerklike sisteem, binne hierdie ekumeniese raad, Wêreld Raad van Kerke. Sy . . . Hy word heeltemal uitgesit. Sy Woord, hulle kan nie Daarmee saamstem nie. Julle weet hulle kan nie. Hulle kan nie eers in hulle eie klein plaaslike groepies saamstem nie; hoe gaan hulle Daarin saamstem? Dus, hulle neem 'n ander merk van die dier, 'n beeld van die dier. Onthou, die Bybel het gesê: "Daar is 'n beeld van die dier gemaak."

280 En hierdie Verenigde State was altyd nommer dertien. Dit het met dertien state, dertien kolonies begin; dertien sterre, dertien strepe; nommer dertien, en altyd 'n vrou. Sy verskyn in die dertiende hoofstuk van Openbaringe. En is eers 'n lam; beskeidenheid, vryheid van spraak, vryheid van geloof ensovoorts; en dan kry hulle mag, en het met al die mag wat die draak voor hom gehad het, gepraat. Wat is dit? Wat was die draak? Rome. Sien, het 'n merk gehad, 'n beeld van die dier, staan teen die ware Kerk van God op. Onder daardie denominasies, sal hierdie ding verpes! Maar, as hulle dit begin doen:

Die Lam sal Sy Bruid neem om altyd aan Sy sy te wees,
Al die Hemelse leërskare sal vergader wees;
O, dit sal 'n glorieryke gesig wees, al die heiliges in vleklose wit;
En saam met Jesus sal hul vir Ewig feesvier. Amen!
"Kom eet," roep die Meester: "Kom eet." Amen!

281 Watter dag waarin ons leef, die uur! Hardloop, mense, hardloop vir julle lewens!

282 Let nou, ter afsluiting, op die bediening soos die sewende engel. Die twee getuies, . . . ? . . . Sewe Basuin, net voor . . . of, die Sesde Basuin, net voor die Sewende Basuin ein— . . .

283 Nou, onthou, en ek het vir julle gesê ek sou hierna terugkom: "Groot Basuin." Hy het gesê, wat sou Hy hier in Jesaja doen? Hy het gesê, by . . . "Die Groot Basuin sou weerklink. Die Groot Basuin!" Nie nou basuine, fees van basuine nie; daar is twee van hulle, Moses en Elia, om die Basuin te roep. Maar, onder "die Groot Basuin," die Koms van die Here, om Josef wat terugkeer aan te kondig, sien, sodat alle nasies by Jerusalem sal byeenkom. Amen. Julle kry dit in die Boek Jesaja. Ek het dit pas vir julle gegee, 'n rukkie gelede, een

van daardie hoofstukke wat ons gelees het; dis in Jesaja 18:1 en 3. En in Jesaja 27:12 en 13, is waar Hy daardie "Basuin" blaas; en al die nasies sal Israel in haar tuisland herken, God met haar.

284 Dan sal die Bruid kom om by die Bruidegom te wees, en die Bruidegom by die Bruid; en dan die groot Millennium, na die hele wêreld deur atoomkrag verwoes is. En daar sal "'n nuwe hemele en nuwe aarde" wees, sal vir ewig lewe.

285 Kyk, reg onder. . . Nou let op, die bediening van Moses en Elia sal. . . Nou, verstaan almal dit? Laat ek dit weer sê. Die bediening van Moses en Elia, tussen die Sesde en Sewende Basuin, sal twee profete wees wat sal. . . hulle. . . Israel glo altyd hulle profete.

286 Nou, waarom het die Heilige Gees vir my gesê, toe ek daar begin het, om vir hulle te wys dat Hy die Seun van God is, gesê: "Nog nie"? Onthou julle dit, omtrent vyf jaar gelede, op my pad na Indië? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Het gesê: "Moet dit nie doen nie."

287 Ek het gesê: "Hulle het gesê: 'As dit die Messias is, laat ons Hom die teken van die profeet sien doen. Ons glo die profete.'"

288 Broer Levi Pethrus—hulle het vir my daardie Bybels gestuur; toe hulle 'n miljoen daarvan aan daardie Jode uitgegee het wat van Iran en oral gekom het, terug gekom het, hulself bymekaar gemaak het, 'n nasie geword het.

Ek het gedink: "Dit is my tyd." Ek was reeds. . . Kaïro, Egipte.

289 Hy het gesê: "Moet dit nie nou doen nie. Die uur is nog nie daar nie." Toe het ek teruggekom huistoe. Uh—huh. Goeiste!

290 Moses en Elia moet roep. Die pinksterjubileum gaan nog aan, of het tot hierdie tyd. Sien? Nou moet die fees van die Basuine bekend word. En hierdie een hieroorkant van Maleági 4 hou nie verband met die een daaroorkant nie; glad nie, glad nie. Let op, kyk hier, die bediening sal Moses en Elia wees wat Israel van die Joodse tradisies verander en wegroep, luister, van die Joodse tradisies waarin hulle verstrengel was. Synde profete, sal hulle glo—sal hulle hom glo wat hulle na die Versoeningsfees roep, Christus, wat hulle Christus laat herken. Hulle sal sê: "Hy kom. Hy sal hier wees." Die Jode sal bymekaar kom, sulke dinge.

En dan wanneer Hy kom, sê: "Hier is ek." Sien?

"Waar het u daardie littekens gekry?"

"In die huis van My vriende."

291 Nou, net soos daardie twee profete gedoen het! Onthou, die Heidense Bruid moet 'n profeet hê, Elias, Elia genoem, wat

hulle uit hulle tradisie moet roep, die Bruid; net soos hierdie profete Jode uit Judaïsme geroep het, na Christus, die Versoening. En die Heidene ken reeds die Versoening, maar dit moet die Bruid terugroep na die oorspronklike Versoening, waar hierdie (vyftig) sabbatte hulle. . . Die hele sewe sabbatte waarvan hulle afgedwaal het; roep hulle terug na die endtyd. Die sewe. . . Luister! Die Sewende Kerkboodskapper, die Sewende Basuin—boodskapper, is almal profete. Nou, dis reg.

Ingevoeg is die honderd vier—en—veertigduisend.

292 Roep, die Seëls, wat vir die Heidene was. Dit moes vir die Heidene wees, om oop te gaan vir die Heidene, om die Heidense Kerk te sien. Dis al wat ons weet. Dis al waarna ons sal luister; wat reeds verby is.

Ons soek na Jesus.

293 Julle sê: "Nou, wag 'n bietjie, Broer Branham, ek glo hulle gaan *dit* doen."

294 Die laaste teken wat Abraham. . . En ons is die koninklike Saad van Abraham; die Bruid. Die laaste teken wat Abraham ooit gesien het voor die beloofde teken gekom het. . . die beloofde seun gekom het, was wat? God, in die vorm van 'n menslike wese, wat die gedagtes van die mense kon onderskei; een mens, nie 'n dosyn nie; een mens, ongeag hoeveel verpersoonlikings. Hulle het Een gehad, en Hy het die gedagtes onderskei wat daarbinne was. Wat? En, die volgende ding wat gebeur het, Abraham en Sarah het weer na 'n jong man en vrou verander. Ons weet dit.

295 Nou, ek weet dat daardie julle nou 'n klein bietjie verstik. Maar, onthou, net om nou seker te maak julle weet. . . Jy lees nie die Bybel *so* nie; jy lees tussen die lyne en sien, laat die prentjie verskyn.

296 Kyk. Sara was 'n ou vrou. Die Bybel het gesê. Sy, hulle. . . "Haar skoot was dood." Is dit reg? "Abraham se lewe was dood in hom, sy saad." Is dit reg?

297 Nou, onthou, Abraham se saad was dood. Veertig jaar later het hy sewe seuns by 'n ander vrou gehad. Wat het Hy gedoen? Hy het hulle liggame verander.

298 Kyk, hulle het 'n driehonderd myl—reis onderneem, onder na Gerar, nogal 'n lang reis vir 'n ou man. Het gesê. . .

299 En Sara het selfs gedink hulle kon nie huweliksgemeenskap hê nie. Sy het gesê: "Ek. . . " Twintig jaar of meer, miskien, laas het hulle huweliksgemeenskap gehad. Het gesê: "Ek, 'n ou vrou, en my heer ook; en weer wellus hê, soos jongmense?"

Hy het gesê: "Is enigiets te moeilik vir God?"

300 Let op wat gebeur het. Onmiddellik het sy in 'n lieflike jong vrou terugverander. Wat toon, daarmee, uitbeeld wat Hy met die koninklike Saad van Abraham gaan doen, om die Seun wat beloof is te ontvang. Sy het terug verander in 'n jong . . .

301 Kyk, hulle het afgegaan na Gerar. En wat het gebeur? Abiméleg, die koning, het op haar verlief geraak, gesê: "Sy is mooi en pragtig," en sou met haar trou. Is dit reg? Ou ouma; en al daardie ander fraai meisies daaronder. Ouma: "Sy is pragtig. Sy is mooi van aansien." Sien?

302 God het haar liggaam verander, en het hulle terug verander. Dis 'n verborgendheid wat nou in hierdie dag geopenbaar moet word, deur die Seun van die mens, sien, die Aandboodskap. Sien? Terugverander! En dit was die laaste teken wat hulle gesien het, was (wat?) daardie onderskeiding, voor die verandering van die liggaam gekom het.

303 En voor ons ooit die Seun kan ontvang, gebeur wat? "Die basuin van God sal weerklink; dié wat in Christus ontslaap het, sal eerste opgewek word, 'n nuwe liggaam; en ons wat lewe en oorbly sal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink," halleluja: "en sal saam opgevang word om die Here in die lug te ontmoet." Die geheim is bekend gemaak; die Seëls is oop.

304 Die Basuin het vir die Israel weerklink; die twee profete is gereed om te verskyn. Wat is dit? Die Kerk moet sommer nou van die toneel verdwyn sodat hulle kan verskyn. Hy kan nie terselfdertyd met twee handel nie; Hy het dit nooit gedoen nie. Sien?

305 O, broer, kyk! Presies, om almal te roep, hulle uit die denominasies en tradisies te roep. Nou sien ons die kerk van die pinkstertydperk is beëindig.

306 Die Bruid moet uit die pad uit staan, om nou op te gaan, sodat die twee diensknegte, die twee diensknegte van God in Openbaringe, die twee profete, op die toneel kan verskyn, om die Sewende Basuin vir hulle te laat weerklink, die Christus aan hulle bekend te maak.

307 Die sewende engel, boodskapper, sê: "Aanskou die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" Nie: "aanskou my Metodis, my Baptis, my Pinkstermens," nie. Maar: "Die Woord, die Seun van God, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem," want geen ander fondament is daar nie! Sien julle?

308 Hoeveel tyd het ons? Die Jode is in hulle tuisland. Die Bruid is geroep. Skriftuurlik, alles net presies wat Hy beloof het. Ons is gereed. Die uur is hier.

Nasies verbrokkel, Israel ontwaak,
Die tekens wat die Bybel voorspel;
Die Heidene se dae getel, met verskrikking wat wag;
Keer terug, O, verstrooides na jul eie.
Die dag van verlossing is naby,
Menslike harte faal van vrees;
Wees vervul met God se Gees, julle lampe geknip en helder,
Kyk op, julle verlossing is naby!
Valse profete lieg, God se Waarheid ontken hulle,
Dat Jesus die Christus ons God is; dis reg,
Maar ons sal wandel, waar die apostels getrap het.
Want die dag van verlossing is naby,
Menslike harte faal van vrees;
Wees vervul met die Gees, julle lampe geknip en helder, (moenie 'n kans neem nie)
Kyk op, julle verlossing is naby!

309 Die profeet het gesê: "Dit sal Lig wees in die aandtyd."

Dit sal Lig wees in die aantyd,
Die pad na Glorie sal julle gewis vind;
In die waterweg is die Lig vandag,
Begrawe in die dierbare Naam van Jesus.
Jonk en oud bely al julle sonde,
Die Heilige Gees sal sekerlik inkom;
Die Aandligte het gekom,
Dit is 'n feit dat God en Christus Een is.

310 Ons is hier! Ons is by die einde. Dis nie net sommer die simpel ding van 'n mens nie. Dis SO SPREEK DIE HERE.

Laat ons ons hoofde buig.

311 Genadige God, Jehova, die Almagtige wat op Berg Sinai met donderslae gepraat het; en die mense laat uitroep het: "Laat Moses praat en nie God nie, anders sterwe ons." U het gesê, Groot Jehova: "Ek sal vir hulle 'n Profeet opwek. Ek sal nie meer so met hulle praat nie." Maar U het belowe wat U sou doen, en U het dit gedoen; U het vir ons die Here Jesus opgerig. Hy is die Woord. U het gesê Hy is. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon."

312 Ons sien die dinge hier wat Hy vir ons geprofeteer het deur Sy profeet, Johannes, op die eiland van Patmos. Ons sien dit vervul, tot die letter. Ons sien die Heilige Gees gemanifesteer onder ons hier op aarde. Ons sien die denominasies het Hom uit die kerk uitgesit; die Woord. Hulle het niks teen die mense nie; dis daardie Woord wat hulle haat. Dis teen hulle tradisie.

Net soos toe U hier op aarde was. U was die Woord, en U was teen hulle tradisies; en hulle het U orals uit hulle kerke uitgegooi.

313 En nou, Here, is daar nêrens samewerking nie. Probeer om net in Suid—Afrika in te kom waar ek weet daar sommige siele daar is wat nog wag. Elke plek, en dit lyk of hulle my nie wil ontvang nie, Here. Nie oor myself nie Here; dis vanweë hierdie Boodskap. Maar, U het gesê dit sou so wees, en U het dit aan ons bekend gemaak sodat ons nie ontmoedig sou word nie. Ons ken die uur waarin ons leef.

314 God, hierdie mense het vanmôre hier gesit, hier in hierdie warm, bakkende vertrek. Hulle het mooi geluister. Ek is seker hulle sien nou. As hulle nie sien nie, openbaar dit aan hulle, Here, waarom U my nie daardie Basuine wou laat behandel nie. Ek sien dit het niks met ons te doen nie. Net by daardie Sesde Basuin het alles gebeur en ons het al die Sesde Seël geopen gesien. En ons het hier 'n visioen gesien, twee weke gelede, van 'n voorskou van die Bruid en die kerk, soos ek hier daarvan vertel het. Net soos U vir my gewys het, Here, het ek dit vertel. Hier is ons. Dit kan later wees as wat ons dink.

315 O Vader, as daar vanmôre hier 'n persoon is wat—wat 'n bygeloof aanvaar het, een of ander teologiese invloed, of een of ander teoloog se woord wat teenstrydig met die Woord van God is! En hulle ken nie die ware Christus, die ware Heilige Gees nie. Dit word nie aan hulle openbaar nie, die Woord nie, nog nie hoe die Woord in hierdie dag moet wees nie. Hulle sien net 'n tradisie. Hulle leef in 'n—'n Lig wat verblind. Soos die grootste rooftog wat ooit in die wêreld uitgevoer was, dit was in Engeland, is met 'n vals lig gedoen. En die grootste roof wat U kerk ooit gehad het, was toe hulle 'n denominasionele lig geneem het en die egte Lig van die Bybel, die Christus, geweier het.

316 O God, wees genadig! Red die verlorenes, Here. Asseblief, ek vra net nog 'n rukkie, Jesus. Ons het geliefdes. Net nog 'n rukkie. Binnekort sal daardie groot Rots uit die berg losgekap word. Gee, Here, as daar vanmôre enigeen sonder U is, mag hulle sommer nou kom, tederlik, en U ontvang.

317 Terwyl ons hoofde gebuig het. As jy jou hand sal opsteek, sê: "Dink aan my, Broer Branham." Ons het geen . . . Die altare en dinge is vol. God seën julle. Sê net: "Onthou my." God seën julle. God seën julle. God seën julle. Sommer letterlik honderde hande!

318 Vader, God, daar is 'n klein skaduwee iewers. Neem dit weg, Here. Hulle het hier in hierdie vertrek gesit. Moenie . . . Satan kon hulle oë verblind het in tye wat verby is, maar ek bid dat U dit sal oorsien, soos U met ons gemaak baie

dae gelede. Maar nou dat U ons almal roep om te sien. . . Die Bybel het gesê dat hulle blind was. Hulle het dit nie geweet nie. Het gesê: "Ek gee julle die raad om by My oogsalf te koop." God, gebruik vanmôre die salf op hulle oë sodat hulle kan sien. Tog met nederigheid, in 'n klomp nederige mense; en nederig, sonder geleerdheid ensovoorts, en tog was dit aan die begin ook so. Gee, Here, dat hulle Dit sommer nou sal ontvang. Ek gee hulle aan U, in die Naam van U Seun, Jesus.

319 En U het gesê: "Hy wat My Woord hoor." En ek is seker, Here, sover ek weet, het hulle Dit gehoor. "En glo in Hom wat My gestuur het," nie kamma glo nie, maar regtig glo, en glo wat die Woord gesê het: "het die ewige Lewe, en sal nie in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe." Johannes 5:24.

320 Gee Here dat hulle U s'n sal wees van hierdie uur af aan. As hulle in hulle verstand wonder, neem dit weg. As daar 'n siek persoon in ons midde is, laat die groot Heilige Gees, Here. . . Wat ek weet daar is; en wat die gedagtes openbaar, wat hier op die platvorm staan. Hulle weet alles daarvan. Ek bid dat U hulle sal genees, Here. Besleg al die vrae.

321 Die bad sal oop wees vir diegene wat nog nooit in die Naam van Jesus Christus onderdompel is nie en die Naam van die Bruidegom aangeneem het nie. Hulle het 'n denominasionele, kerklike gekry; niemand is ooit gedoop in daardie titels van "Vader, Seun, en Heilige Gees" nie, of besprinkel nie; en hierdie tradisionele dinge wat behoort aan kerke van hierdie tydperk, Antichris—beweging, beeld van die dier. Niemand is ooit gedoop in die naam van die "Vader, Seun, Heilige Gees" nie, tot die Katolieke kerk. Die hele Bybel, en die hele geskiedenis daarna, sê hulle is gedoop in die Naam van Jesus.

322 Paulus het in Galásiërs 8:1 gesê: "Al sou 'n Engel uit die Hemel kom en 'n ander Evangelie verkondig, laat hom 'n vervloeking wees." En u het daardie mense wat onder Johannes gedoop is, dieselfde een wat Jesus gedoop het, beveel om te kom en weer gedoop te word in die Naam van Jesus Christus, in Handelinge 19. En het gesê: "Moet selfs nie dat 'n Engel julle enigiets anders vertel nie."

323 Daar sal in die laaste dag 'n boodskapper kom, sal die mense teruglei na die eerste vrugte, terug na die oorspronklike Geloof. Gee dit Here, dat daardie groot Boodskapper nou tussen ons, die groot Christus, die Heilige Gees wat duidelik gemaak is, wat begrypend gemaak is, die Woord oopmaak en Dit aan ons openbaar, mag Hy hulle teruglei tot die oorspronklike, Pinkstergeloof. Soos Petrus gesê het op Pinksterdag: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop

word in die Naam van Jesus Christus tot vergifnis van sondes." En dit was vir ewig so, vir elke persoon, tot die Roomse kerk by Nicaea.

324 God, wees nou genadig. Die poel sal gereed wees; die harte oop. Kom binne, Here Jesus. Ons is by die laaste ure. As daar 'n moontlikheid is, Here, dat hulle op hierdie uur kan inkom, wat ek hoop en vertrou dat daar is. En ons wat binne is, Here, mag ons nou inventaris opneem, dat ons die Stem van God gesien en gehoor het, wat deur Sy Woord praat, en ons weet watter uur ons in leef. Skenk dit, Vader. Ons dra hulle aan U op, in die Naam van U Seun.

325 Nou, met ons hoofde gebuig.

Saggies en teer roep Jesus,
Roep na jou . . .

Die Fees Van Die Basuine AFR64-0719M
(The Feast Of The Trumpets)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Sondagaand, 19 Julie, 1964, by die Branham Tabernakel, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk. Hierdie Afrikaanse vertaling was gedruk in 2002 deur:

©2002 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org